

ANAFORIEK IN AFRIKAANS MET SPESIALE VERWYSING
NA SUBSTANDAARDAFRIKAANS

deur

SUSANNA MAGRIETHA CATHARINA PRINSLOO

Honns. BA, HOD (Huish.)

Verhandeling voorgelê ter nakoming van die ver=
eistes vir die graad MAGISTER ARTIUM aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE
HOËR ONDERWYS

Studieleier : Prof. H.G.W. du Plessis

POTCHEFSTROOM

Desember 1982

683/1316

INHOUDSOPGAW E

1	PROBLEEMSTELLING	1
2	HISTORIESE OORSIG	5
2.1	Oorsigtelike beskouing	5
2.2	Ferdinand De Saussure	6
2.2.1	Die onderskeid tussen sinchronie en dia- chronie	7
2.2.2	Die onderskeid tussen <i>langue</i> en <i>parole</i>	7
2.2.3	Taal as struktuur	8
2.2.4	Die arbitrêriteit van die linguistiese teken	8
2.3	Leonard Bloomfield	9
2.4	Noam Chomsky	11
2.5	Die Praagse Skool	13
2.6	Susumo Kuno	16
3.	WAT IS ANAFORIEK	21
3.1	Uiteensetting	21
3.2	Soorte anaforiese verbande	26
3.2.1	Tipe-anaforiek	26
3.2.2	Tekenanaforiek	28
3.2.2.1	Identifikasie van referente	29
3.2.2.1.1	Leksikale identifikasie	29
3.2.2.1.2	Deiktiese identifikasie	30
3.2.2.2	Naamwoordelike anaforiek	33

3.2.2.2.1	Die rigting van anaforiek	33
3.2.2.2.2	Die anafoorskaal	35
3.2.2.2.2.1	Herhaling van leksikale antesedente	35
3.2.2.2.2.2	Afwisselende leksikale naamwoordstukke	36
3.2.2.2.2.3	Determineerder en leksikale naamwoordstukke	36
3.2.2.2.2.4	Epiteta	36
3.2.2.2.2.5	Voornaamwoordelike anaforiek	37
3.2.2.2.3	Die anafoorhiërargie	37
3.2.2.3	Voornaamwoordelike anaforiek	41
3.2.2.3.1	Refleksiewe voornaamwoorde	44
3.2.2.3.1.1	Uniekwederkerende werkwoorde	48
3.2.2.3.1.2	Nie-uniekwederkerende werkwoorde	48
3.2.2.3.1.3	Komplementkonstruksies	49
3.2.2.3.1.4	"Betreklige" besitlike konstruksies	49
3.2.2.3.1.5	Konstruksies met <i>laat</i>	49
3.2.2.3.1.6	Voorsetselgroepe met 'n voornaamwoord + <i>self</i> wat as 'n adjunk gebruik word	50
3.2.2.3.2	Betreklige voornaamwoorde	50
3.2.2.3.2.1	Die beperkende betreklige bysin binne die raamwerk van die funksionele grammatika	54
3.2.2.3.2.2	Die uitbreidende betreklige bysin binne die raamwerk van die funksionele grammatika	57
3.2.2.4	Bywoordelike anaforiek	60
3.2.3	Nulanaforiek	61

3.2.3.1	Identieke naamwoordstukskrapping	62
3.2.3.2	Infinitiesin	62
3.2.3.3	Nominaalkonstruksie	63
3.3	Ontbrekende antesedente	64
3.4	Anaforiese eilande	65
3.4.1	Bedoelde antesedent morfologies kenbaar	68
3.4.1.1	Deel van 'n soort metonimia	68
3.4.1.2	Selfstandige morfeem van leksikale naamwoordstuk	69
3.4.1.3	Deel van 'n afleiding	69
3.4.2	Bedoelde antesedent semanties onderskeibaar	70
3.4.2.1	Antesedent uit naamwoord afleibaar	70
3.4.2.2	Antesedent uit werkwoord afleibaar	70
4.	ANAFORIEK IN SUBSTANDAARDAFRIKAANS	73
4.1	Studiegebied	73
4.2	Uitgangspunt	73
4.3	Bevinding	76
4.3.1	Voornaamwoordelike anaforiek	76
4.3.2	Bywoordelike anaforiek	86
4.3.3	Naamwoordelike anaforiek	89
4.3.4	Epiteta	91
4.3.5	Tipe-anaforiek	92
4.3.6	Nulanaforiek	94
4.3.7	Ontbrekende antesedent	95
5.	SAMEVATTING	97

Uittreksel	104
Abstract	106
Dankbetuiging	108
Bibliografie	109

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

Die terme ANAFORIEK, PRONOMINALISASIE EN VERWYSING hou verband en is temas wat die afgelope jare baie prominent in die taalkunde is. De Klerk (1978:78) wys daarop dat hierdie temas benader word vanuit die aannames van verskillende kompeterende teorieë en daar bestaan heelwat meningsverskil oor dié saak. In hierdie verband spreek Van Rensburg (1976:138) sy twyfel daaroor uit of 'n verskynsel soos die anafoor ooit binne die raamwerk van die sinsgerigte tradisionele Transformasioneel-generatiewe grammatika (T.G.G.) verantwoord sal kan word, en of die antwoord nie liever gesoek moet word in kommunikasiegerigte studies wat taal in 'n bepaalde konteks wil bestudeer nie, byvoorbeeld in die werk van iemand soos SUSUMO KUNO.

In Afrikaans bestaan daar geen omvattende studie oor anaforiek in gebruikstaal nie. Ponelis (1979:565-600) handel anaforiek as taalverskynsel, maar maak geen diepgaande studie oor die praktiese toepassing daarvan op gesproke Afrikaans nie.

In hierdie studie word 'n beskrywing van anaforiek gegee en word dit bestudeer soos wat dit voorkom in teksverband: in *Houd-den-Bek* deur André P. Brink en *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert. Anaforiek word ook ontleed binne gesproke substandaardafrikaans en in hierdie verband word die taal van 'n aantal Griekwas, hoofsaaklik uit Griekwaland-Wes, bestudeer. Gesprekke is met hulle gevoer en op band vasgelê waarvan die ontleding gedoen is.

Die standpunt word in hierdie studie gehuldig dat taal nie 'n abstrakte sisteem is nie en dat dit nie gebesig word deur ideale sprekers onder ideale omstandighede nie. As gevolg hiervan word taal-in-gebruik bestudeer en sluit hierdie werk aan by veral dié van Susumo Kuno, soos later sal blyk.

Binne die studiegebied van die anaforiek heers daar verskeie uiteenlopende sienings, byvoorbeeld:

- kan voornaamwoorde optree as antesedente of funksioneer hulle slegs as anafore;
- die kwessie van verwysing: referensieel teenoor koreferensieel;
- die geldigheid van die passingsanalise al dan nie.

Naas hierdie gemeenskaplike en algemene geskilpunte moet daar ook rekening gehou word met bepaalde taalspesifieke aspekte wat eie is aan Afrikaans, as gevolg waarvan reëls en kenmerke wat byvoorbeeld vir Engels en Duits geld, nie sonder meer op Afrikaans van toepassing gemaak kan word nie. In hierdie verband kan byvoorbeeld verwys word na die vorm van die refleksief op Afrikaans (die afwesigheid van *-self*, byvoorbeeld *hom* in plaas van *homself*) teenoor dié op Engels (*himself*) en die genitiesvorme wat byvoorbeeld vir Duits geld, maar nie vir Afrikaans nie.

Anaforiek word hoofsaaklik gesien as 'n semantiese proses waarby faktore soos konteks 'n belangrike rol speel. 'n Uiting is situasiegebonde en slegs deur kennis van die konteks te dra waarin 'n uiting voorkom, kan verwysing korrek

geïnterpreteer word. Die anafoor verwys nie na die antesedent nie, maar sowel die antesedent as die anafoor verwys na 'n referent. Op grond van verwysing word onderskei tussen tipe- en tekenanaforiek, dit wil sê of die antesedent en anafoor referensieel of korreferensieel is. Verskillende tipes anaforiese kettings word onderskei na gelang van die aard van die anafoor. Laastens word gepoog om 'n antwoord op sommige van die knelpunte van anaforiek te vind deur hierdie verskynsel te ontleed aan die hand van gebruikstaal.

In die studie word soos volg na die onderskeie tekste verwys:

Houd-den-Bek : H.d.B.
Die swerfjare van Poppie Nongena: P.N.

Ten opsigte van die gesprekke met die Griekwas, word die numeriese kode naas die spreker se naam telkens gebruik om na die bepaalde spreker te verwys:

Daniël Goeiemans	(1)
Adam Kok	(2)
Dirk Malat	(3)
Israel Malat	(4)
Δ Tooitjie Marais	(5)
Andreas Sekuti	(6)
Sanna Stoffels	(7)
Klaas van der Westhuizen	(8)

Δ Spreker in hierdie geval nie van Griekwaland-Wes nie.

Ongrammatikale vorme word soos volg aangedui: *

Koreferensie word aangedui deur middel van referensiële merkers, byvoorbeeld *Galant_i hy_i*. (Vergelyk in hierdie verband afdeling 3.2.2.)

In hierdie studie word daarby aangesluit dat 'n sin 'n onderbou en 'n bobou het. Die onderbou is die basiese vorm waaruit die bobou, dit wil sê die gerealiseerde sin, afgelei word.

Afkortings is so ver moontlik vermy, maar is veral by stukbeelde gebruik. Onderstaande is 'n lys van afkortings wat in die studie voorkom:

Bsn	-	bysin
DET	-	determineerder
Lw.p	-	lidwoordparadigma
N	-	naamwoord
NS	-	naamwoordstuk
Oskik	-	onderskikker
Snw	-	selfstandige naamwoord
Vnw	-	voornaamwoord
∅	-	element afwesig

Daar sal gelet word op die klemverskuiwing wat plaasgevind het in die siening van die Algemene Taalwetenskap. Die veranderde benadering tot anaforiek kan aan die hand hiervan verklaar word. Daarna volg 'n uiteensetting van wat anaforiek is, gevolg deur die bevinding uit die ondersoek. Laastens word die gevolgtrekking gegee.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG

2.1 OORSIGTELIKE BESKOUING

Ten opsigte van anaforiek bestaan daar verskillende benaderings. Hierdie uiteenlopende benaderings hou verband met die ontwikkeling van die Algemene Taalwetenskap en daarom is 'n bondige oorsig oor die ontwikkeling van die taalwetenskap noodsaaklik.

In die ontwikkelingsgang van die Algemene Taalwetenskap kan verskeie ontwikkelingsstadia waargeneem word wat nie gesien moet word as afsonderlike, alleenstaande fases in die geskiedenis van die Taalkunde nie. Robins (1967:2) wys daarop dat

"Linguistic science today is the product of its past and the matrix of its future."

Lyons (1968:3) wys ook daarop dat die Algemene Taalwetenskap, soos enige ander wetenskap, op die verlede voortbou, maar hy wys ook op

"the continuity of Western linguistic theory from earliest times to the present day".

Hierdie veranderde benaderings tot die Algemene Taalwetenskap is slegs klemverskuiwings en is nie 'n progressiewe ontdekking van die waarheid nie, soos Robins (1967:3) dit stel:

"The aims of a science vary in the course of its history, and the search for objective standards by which to judge the purpose of different periods is apt to be an illusive one",

aangesien feit en waarheid nie voorafbepaalde prinsipes is nie. Die ontwikkelingstadia is interafhanklik en 'n bepaalde benadering slaan telkens terug op 'n historiese siening of hou op een of ander wyse daarmee verband, soos later sal blyk.

Die ontwikkelingsgang van die moderne Algemene Taalwetenskap toon 'n verloop van ABSTRAKSIE na die bestudering van TAAL-IN-GEBRUIK. Daar sal kortliks na enkele hooffigure in hierdie ontwikkelingsgang gekyk word, naamlik De Saussure, Bloomfield en Chomsky, wat almal taal as abstraksie bestudeer het, en die Praagse Skool, veral soos geïnterpreteer deur Susumo Kuno, wat taal-in-gebruik bestudeer.

2.2 FERDINAND DE SAUSSURE

Alhoewel die Switserse taalkundige, Ferdinand de Saussure, met sy proefskrif oor die vokaalstelsels van Proto-Indo-Europees (1878), 'n groot bydrae gelewer het tot die negentiende eeuse historiese taalkunde, word hy beskou as die grondlegger van die moderne taalkunde. Hy het self nie 'n boek oor taalteorie geskryf nie, maar na sy dood het twee

van sy studente, gedurende 1916, sy lesings onder die titel *Cours de linguistique générale* uitgegee. Sy siening het 'n klemverskuiwing in die taalkunde tot gevolg gehad. Die oorheersend historiese benadering van die negentiende eeu, waar van die standpunt uitgegaan is dat historiese gegewens die oorsaak daarvan is dat tale is soos hulle is, is deur De Saussure omvergewerp. De Saussure het onder andere die volgende beklemtoon:

2.2.1 DIE ONDERSKEID TUSSEN SINCHRONIE EN DIACHRONIE

Wanneer 'n taal sinchronies bestudeer word, word dit bestudeer soos wat dit op 'n bepaalde tydstip is, terwyl diachroniese taalstudie die bestudering van 'n taal met die oog op die geskiedenis of ontwikkeling daarvan is. De Saussure verwerp nie die historiese nie, maar gaan van die standpunt uit dat die historiese nie die enigste verklaringsgrond is nie.

2.2.2 DIE ONDERSKEID TUSSEN LANGUE EN PAROLE

Hierdie onderskeid behels die verskil tussen TAALSISTEEM en TAALGEDRAG. Volgens De Saussure vorm die abstrakte taalsisteem, wat deur hom as vorm en nie as substansie gesien word nie, die studiegebied van die taalkunde. Taalgedrag is die

"momentane realisering van die moontlikhede wat die taalsisteem bied en waaruit die taalkundige juis die sisteem onderliggend daaraan moet vind"
(Van der Merwe, 1969:25).

2.2.3 TAAL AS STRUKTUUR

De Saussure tref nie 'n onderskeid tussen struktuur en sisteem nie. Hy beklemtoon taal as 'n sisteem wat onafhanklik is van die fisiese medium waarin dit vergestalt word. 'n Taal word gesien as 'n tweevlaksisteem van sintagmatiese en paradigma-tiese verbande. Lyons (1981:221) wys daarop dat die Saussureaanse strukturalisme onderskeibaar is op grond van die slotsin van *Cours de linguistique générale*, naamlik

"the one and only true object of linguistics is the language-system (langue) envisaged in itself and for itself".

Die implikasie hiervan is dat 'n taalsisteem 'n struktuur is wat abstraheerbaar is van die historiese, sowel as die sosiale matriks waarbinne dit funksioneer en die psigologiese proses waardeur dit verwerf word.

2.2.4 DIE ARBITRÊRITEIT VAN DIE LINGUISTIESE TEKEN

De Saussure gaan van die standpunt uit dat taalsisteme semiotiese sisteme is waarin dit wat aangedui word (*le signifie*) arbitrêr geassosieer word met dit wat aandui (*le significant*). Die teken is nie 'n betekenisvolle vorm nie en betekenis kan nie onafhanklik bestaan van die vorms waarmee hulle geassosieer word nie. De Saussure se opvatting oor die uniekheid van taalsisteme lei tot die linguistiese relatiwiteit, naamlik:

- die tese dat tale geen universele kenmerke het nie (behalwe algemene semiotiese eienskappe soos arbitrêrheid, produktiwiteit en diskreetheid) en
- die tese dat elke taal 'n wet op sigself is.

'n Beweging of benadering met hierdie uitgangspunt kan as relativisme beskou word, teenoor universalisme. Relativisme kan met 'n groot gedeelte van die twintigste eeuse strukturalisme geassosieer word. Sowel filosofiese as metodologiese relativisme word deur Chomsky en sy navolgers verwerp. Daar bestaan egter 'n sterk verband tussen strukturalisme en die Praagse Skool.

2.3 LEONARD BLOOMFIELD

Bloomfield kan beskou word as die grondlegger van die Amerikaanse strukturalisme. Gedurende 1933 het sy boek, *Language*, verskyn waarin hy sy teorie uiteensit (Bloomfield, 1950). Net soos De Saussure, beskryf Bloomfield ook 'n abstrakte sisteem.

Die behaviorisme vind 'n sterk neerslag in Bloomfield se teorie. Hy handhaaf 'n streng wetenskaplike benadering ten opsigte van sy vak en staan die objektiewe bestudering van menslike gedrag voor, wat ook kommunikasie in sy omgewing, dus taal, insluit. Die verskillende vorme van menslike gedrag word bestudeer aan die hand van uiterlik waarneembare verskynsels. Die begrippe "siel", "bewussyn" en "gees" word buite rekening gelaat aangesien dit 'n beroep doen op die nie-waarneembare, innerlike prosesse wat nie wetenskaplik verantwoordbaar geag is nie. Menslike gedrag, waaronder ook taal, word gesien as 'n waarneembare reaksie op 'n waarneembare stimulus. Al wat hiervolgens wetenskaplik waarneembaar en

bestudeerbaar is, is spraak, dit wil sê geluidsvorme, en die situasie waarin die taal voltrek word. Die situasie dryf die mens tot taal. Situasie word tot die verklaringsgrond van taal verhef en betekenis en situasie is dus identies.

Die grondaanname van Bloomfield ten opsigte van taalkunde is dat in sekere taalgemeenskappe daar ooreenkoms na VORM en BETEKENIS is tussen bepaalde spraakuitinge. Bloomfield sien betekenis (semantiek) nie as die studiegebied van die taalkunde nie. Bloomfield beskryf die struktuur van 'n taal deur middel van objektiewe, presiese formulerings gebaseer op die optrede van taaleenhede. Hy het 'n groot bydrae gelewer tot die bestudering van die fonologie. Ook op die gebied van die morfologie en sintaksis is sy spreidingsprinsiep (dit wil sê die plek en kombinasie van taaleenhede) suksesvol toegepas. In sy benadering staan die WOORD sentraal. Volgens sy onmiddellike-stukanalise word die uiting (volgens Zellig Harris (1951:14) word met die term UITING bedoel, 'n taaluiting deur 'n bepaalde persoon, voorafgegaan en gevolg deur 'n stilte) of sin deur stuksgewyse ontleding verdeel en die snitte word gemaak tussen gedeeltes wat 'n onmiddellike strukturele verband vertoon.

Dik en Kooij (1970:69) wys op die skakel tussen Bloomfield en Pānini:

"Bloomfield zelf heeft mede door zijn belangstelling voor het werk van de Indiase taalkundige Pānini (4^e eeuw v.C.) de nadruk gelegd op het belang van het zo ekonomisch en zo generaliserend mogelijk formuleren van de struktuur van taalbouwsels."

Bloomfield se invloed het later weer deurgewerk na Chomsky se transformasionele benadering.

2.4 NOAM CHOMSKY

Met sy werk *Syntactic structures* (1957) het Chomsky 'n baie belangrike bydrae gelewer tot die inleiding tot die transformasionele tydperk. Chomsky verwerp die stimulus-beheer-idee oor taal. 'n Kind leer taal nie deur nabootsing aan nie. Taal is dus kreatief. Kreatiwiteit wat 'n uniek-menslike eienskap is, onderskei die mens van die masjien en die dier, maar dit is 'n reëlbeheerde kreatiwiteit. Een van die belangrikste bydraes van Chomsky tot die Algemene Taalwetenskap is die feit dat hy aantoon dat taal bereikbaar is.

Volgens Chomsky kan die grammatika van 'n taal beskou word as 'n eindige sisteem van basiselemente en reëls wat die vorming van 'n oneindige aantal verskillende nuwe sinne moontlik maak. Die generatiewe grammatika is dus nie beperk tot die waarneming van 'n sin in die taalgebruik nie, maar voorspel alle sinne wat in die abstrakte (volgens die sisteem van die taal) moontlik is. Net soos De Saussure en Bloomfield, beskou Chomsky dus die taal in abstraksie, gegrond op sy stelling:

"Linguistic theory is concerned with an ideal speaker-listener, in a completely homogeneous speech community, who knows its language perfectly and is unaffected by such grammatically irrelevant conditions as memory limitations, distractions, shifts

*of attention and interest, and errors
(random of characteristic) in applying
his knowledge of the language in actual
performance."* (Chomsky, 1965:3.)

In die sogenaamde klassieke model is daar dus sprake van 'n "ideale" spreker onder "ideale" toestande wat daarop dui dat 'n abstraksie bestudeer word. Net soos De Saussure onderskryf Chomsky dus ook die fiksie van die homogeniteit van die taalsisteem. Die groot verskil tussen Chomsky en Bloomfield lê nie in die behavioristiese teenoor die mentalistiese nie, aangesien hierdie aspek weinig praktiese invloed op die teoretiese het, maar in Chomsky se beskouing van linguistiese universalia. Chomsky gaan van die standpunt uit dat taal aangebore en spesie-spesifiek is.

Met Chomsky se onderskeid tussen COMPETENCE en PERFORMANCE kom nog 'n belangrike verskil tussen die transformasioneel-generatiewe grammatika en die Bloomfield- en post-Bloomfieldiaanse strukturalisme na vore. Volgens Chomsky behels *competence* dié deel van 'n spreker se kennis, dit wil sê kennis van die taalsisteem as sodanig, waardeur hy in staat is om 'n oneindige aantal sinne in sy taal voort te bring. *Performance* is taalgedrag en dit word nie net beheer deur die spreker se linguistiese vermoë nie, maar deur 'n verskeidenheid nie-linguistiese faktore, byvoorbeeld sosiale konvensies, die spreker se emosionele gesindheid teenoor die gespreksonderwerp, ens.

Competence en *performance* hou soos volg verband met mentalisme en universalisme: die linguistiese vermoë van 'n spreker is 'n stel reëls, gekonstrueer in sy gees, deur middel van die toepassing van sy aangebore kapasiteit vir taalverwerking op die taaldata uit sy onmiddellike omgewing ge-

durende sy kinderdae. Hierdie stel reëls is universeel en arbitrêr.

Chomsky se onderskeid tussen *competence* en *performance* stem ruweg ooreen met De Saussure se onderskeid tussen *langue* en *parole*: albei onderskei tussen die linguistiese en nie-linguistiese en albei aanvaar die fiksie van die homogeniteit van die taalsisteem.

Aangesien die transformasioneel-generatiewe grammatika die SIN sentraal stel, word reëls vir sinsvorming vereis. Chomsky onderskei twee stappe reëls, naamlik bodemreëls en transformasiereëls. Die basiese reëls lewer basiese strukture waarop die transformasiereëls dan toegepas word. Aanvanklik stel Chomsky die doel van die grammatika as die beskrywing van die grammatikale sinsvorme van 'n taal in hul sintaktiese en fonologiese struktuur. Die semantiese aspek is buite rekening gelaat. Later is besef dat nie slegs sinsvorme nie, maar ook sinsinhoude verantwoord moet word en gevolglik word 'n semantiese komponent aan Chomsky se teorie toegevoeg. Daar is gepoog om die semantiek deur middel van subkategorisasiereëls by Chomsky se teorie te betrek, maar sy poging faal grootliks aangesien hy semantiese kenmerke deur middel van sintaktiese reëls wil verklaar.

2.5 DIE PRAAGSE SKOOL

Gedurende 1926 is die Praagse Linguistiese Vereniging gestig waaruit die Praagse Skool ontstaan het. Die lede van die Praagse Skool kan beskou word as die grootste aanhangers van die funksionalisme. Lyons (1981:224) wys daarop dat binne die linguistiek FUNKSIONALISME nie die teenstelling van STRUKTURALISME is nie, maar dat dit 'n SPESIFIEKE BEWEGING

binne die strukturalisme is. Alle funksionele benaderings het dit gemeenskaplik dat die struktuur van die uiting bepaal word deur die gebruik daarvan en die kommunikatiewe konteks waarbinne hulle voorkom. Lyons (1981:226) gebruik die volgende voorbeeld:

- 1 This morning he got up late
- 2 He got up late this morning

om aan te dui dat, in die eng sin van die woord, die betekenis van hierdie twee sinne dieselfde is, maar dat die konteks waarin voorbeeld 1 gebruik word, verskil van die konteks waarin voorbeeld 2 gebruik word. Dik en Kooij (1970: 62) wys ook daarop dat:

"In de School van Praag word bovendien grote nadruk gelegd op het funktionele aspekt: beschouw elk taalverschijnsel met betrekking tot de funktie die het in de taalsystematiek vervult, en beschouw de taal als geheel steeds met betrekking tot zijn primaire doel: het totstandbrenging van kommunikatie."

Dit is aan die Praagse linguïst, Vilém Mathesius, te danke dat die funksionele sinsperspektiewe in die laat dertigerjare intensief bestudeer is in Tsjeggieslowakye.

Al die lede van die Praagse Skool was egter nie Tsjeggieslowakie nie en die Russe, Trubetzkoy en Roman Jakobson, het byvoorbeeld 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die fonetiek en fonologie.

Firbas (1974:11) wys daarop dat die pionier op die gebied van die funksionele sinsperspektiewe die Fransman, Henri Weil, is en dat Mathesius op sy werk voorthou. Weil onderskei tussen beweging van idees en sintaktiese bewegings. Volgens Weil se siening bevat 'n sin 'n vertrekpunt vanwaar die diskoers dan verder gaan. Hierdie verloop vanaf die vertrekpunt na die doel is gelyk aan die verloop van die gedagte. Volgens Weil verskil die woordorde van tale, maar die volgorde van idees bly dieselfde. Mathesius wys daarop dat in kommunikasie die leksikale en grammatikale taalmiddele ingespan word om op die uitingsmoment aan 'n spesifieke doel, soos gestel deur die spreker, te voldoen. In ooreenstemming met kontekstuele behoeftes, verkry leksikale eenhede dan spesifieke betekenis en die sin verdeel in TEMA en REMA. Die tema van 'n sin word gevorm deur die bekende inligting, terwyl die rema dít is wat die spreker aangaande die tema wil meedeel. Firbas (1974:19) veronderstel 'n bekendheidskaal ten opsigte van bekende en onbekende of nuwe inligting en formuleer in hierdie verband die term KOMMUNIKATIEWE DINAMIEK. Kommunikatiewe Dinamiek behels die mate waartoe 'n sinselement bydra tot die ontwikkeling van die kommunikasie. In hierdie verband gebruik Ponelis die term KOMMUNIKATIEWE GEWIG. Die graad van Kommunikatiewe Dinamiek staan in direkte verhouding tot die graad waarin 'n element bydra tot die ontwikkeling van kommunikasie. Elemente wat nuwe inligting oordra (binne hierdie benadering die *rema*), sal 'n hoër graad van Kommunikatiewe Dinamiek besit as elemente wat ouer inligting oordra (die *tema*). Firbas (1974:22) wys daarop dat die basiese verspreiding van Kommunikatiewe Dinamiek gelyk is aan wat Weil noem

"the movement of the mind".

Bolinger (1972:633) sluit aan by Firbas se siening oor Kom-

munikatiewe Dinamiek deur daarop te wys dat aksentplasing bepaal word deur die aard van die inligting en nie deur die struktuur van die sin nie. Die keuse van 'n woord bepaal die semantiese gewig van die woord. Die konteks speel 'n baie belangrike rol by die bepaling van die semantiese gewig van 'n woord. Die woorde met die swaarste semantiese las, dra dan die inligtingsfokus. Bolinger wys daarop dat die verspreiding van sinsaksent nie deur die sintaktiese struktuur bepaal word nie, maar deur semantiese en emosionele faktore. Soos later sal blyk, sluit Kuno in hierdie verband by Firbas en Bolinger aan deur die tema as diskoersanafories te beskou.

In alle funksionele benaderings word van die standpunt uitgegaan dat die struktuur van uitinge bepaal word deur die gebruik daarvan en die kommunikatiewe konteks waarbinne hulle voorkom. Lyons (1981:227) kritiseer egter hierdie uitgangspunt deur daarop te wys dat as dit waar is dat die struktuur van natuurlike taal bepaal word deur verskeie interafhanklike semiotiese funksies (ekspressief, sosiaal en beskrywend) wat hulle vervul, sou hulle struktuur in dié opsig nie-arbitrêr wees. Aangesien verskillende taalsisteme dieselfde semiotiese funksies vervul, moet hulle dus ooreenstemmend wees. Daar is egter genoeg bewyse van die arbitrêrheid in taal om te verhoed dat die funksionalisme sonder meer aanvaar word.

2.6 SUSUMO KUNO

Kuno bou voort op die funksionele benadering tot taal en erken in sy artikel *Functional sentence perspective* (1972a: 269):

"I have been greatly influenced in my analysis by the Prague School notion of functional sentence perspective."

Hy gebruik telkens begrippe wat eie is aan die funksionalisme, byvoorbeeld in ooreenstemming met Firbas ondeskei hy die TEMA-REMA-INTERPRETASIE en pas dit toe op Japannees. Die begrippe NUWE en OU INLIGTING kom ook telkens in sy werk ter sprake.

Kuno ontken nie die bestaan van bepaalde beperkings op bestaande sintaktiese reëls nie, maar hy poog om 'n natuurlike verklaring hiervoor te vind. Hy verwerp sintaktiese verklarings van sintaktiese reëls. Volgens hom moet taal nie net beskryf word nie, maar ook verklaar word. Die perspektuele vermoë van die mens dien dikwels vir Kuno as verklaringsgrond vir bestaande beperkings op sintaktiese reëls. Ten opsigte van taaluniversalia wys Kuno op werke waar taaluniversalia op sintaktiese grondslae verklaar word, maar hy wys daarop dat:

"These extremely interesting generalizations, if not augmented by adequate explanations for their occurrence in many languages, will have to be regarded simply as accidental peculiarities of language, or even worse, as innate linguistic rules" (Kuno, 1972:6).

Kuno verklaar taaluniversalia op sintaktiese grondslae wat semanties gemotiveerd is. Sy standpunt ten opsigte van pronominalisasie kan in hierdie verband as voorbeeld dien. Hy wys daarop dat pronominalisasie (dit wil sê die ver-

vanging van 'n naamwoordstuk deur 'n voornaamwoord) basies 'n semantiese proses is wat deur die volgende beperkings beheer word:

Beperking 1

Terugwerkende pronominalisasie is slegs moontlik wanneer die regterkantste van die twee koreferensiële naamwoordstukke ou, voorspelbare inligting bevat

Beperking 2

Die naamwoordstuk wat die voorspelbare inligting bevat, kan nie binne die sin gepronominaleer word nie

Beperking 3

Naamwoordstukke wat onderskeiding tot gevolg het, kan nie binne die sin gepronominaleer word nie.

Kuno toon voorts dat hierdie beperkings semanties gefundeer is en hy verklaar die beperkings deur middel van buite-sintaktiese faktore. Volgens die eerste beperking kan voornaamwoorde nie links van hul koreferensiële naamwoordfrase verskyn nie, tensy die saak waarna die voornaamwoorde verwys in die sin bekend is op grond van die voorafgaande diskoers, voordat die koreferensiële naamwoordfrase genoem word. Hy lig sy stelling toe aan die hand van die volgende voorbeelde:

- 3a Speaker A: What did you do when you saw *Harry* getting mad?
3b Speaker B: I calmed *him*_i before *Harry*_i did something rash

- 4a Speaker A: *Who_i* did you calm when you saw *him_i* getting mad?
- 4b Speaker B: *I calmed *him_i* before *Harry_i* did something rash.

Terugwerkende pronominalisasie is in voorbeeld 3b moontlik aangesien die hoorder, spreker A, kan raai, op grond van die voorafgaande diskoers, na wie die voornaamwoord *him* verwys, terwyl in voorbeeld 4b terugwerkende pronominalisasie 'n onaanvaarbare sin tot gevolg het aangesien die hoorder, spreker A, nie kan raai na wie die voornaam *him* verwys nie. Kuno verklaar dus 'n sintaktiese proses op grond van buitensintaktiese faktore.

Die tweede beperking stel dat wanneer daar na iemand/iets onder bespreking deur middel van 'n ongepronominaliseerde, volle naamwoordfrase verwys word, hierdie volle naamwoordfrase in die posisie van die tema gebruik word, aangesien die tema aandui waaroor die sin handel.

Die derde beperking stel dat 'n naamwoordfrase X, met die konnotasie "X en slegs X", nie gepronominaliseer kan word nie. Dit geskied gedeeltelik op grond daarvan dat so 'n naamwoordfrase in staat moet wees om X te onderskei met die uitsluiting van alle ander moontlikhede, en gedeeltelik as gevolg van die feit dat so 'n naamwoordfrase met nadruk uitgespreek word sodat dit nie maklik tot 'n pronominale vorm gereduseer kan word nie. Kuno lig hierdie stelling toe aan die hand van die volgende voorbeeld:

- 5 Speaker A: Who do you like better, John or Mary?
- Speaker B: *I like *him* better.

Hierdie drie beperkings is semanties gefundeer en geld vir verskeie tale. Kuno wys daarop dat indien pronominalisasie gesien word as basies 'n semantiese proses en nie 'n sintaktiese proses nie, word die universele aard van die proses 'n outomatiese gevolg wat nie linguisties verantwoord moet word nie.

Kuno (1972b:6-9) kom tot die gevolgtrekking dat

"most, if not all language universals in syntax are either (i) linguistic manifestations of some broader cognitive principle, or otherwise, (ii) derivable from other structural features that are so".

Hy wys daarop dat by sommige van die taaluniversalia wat hy ondersoek het, die verwantskap hiertussen en die menslike perseptuele meganisme, baie opvallend was. Daar is egter ook taaluniversalia waarby daar geen verwantskap tussen taaluniversalia en die eienskappe van die menslike persepsie bestaan nie. Volgens Kuno kan 'n ondersoek na hierdie taaluniversalia moontlik interessante lig werp of die aard van die menslike persepsie. Kuno spreek hom as volg uit:

"I believe that language universals offer promising and rewarding research areas to psycho-linguistics in the future."

HOOFSTUK 3

WAT IS ANAFORIEK?

3.1 UITEENSETTING

Gedurende 1963 het Lees en Klima 'n referaat, *Rules for English pronominalization*, gepubliseer waarin die transformasionele benadering tot anaforiese verbande gegee word. Hierin word beweer dat daar in die onderbou net leksikale naamwoordstukke is en 'n reël, die pronominalisasiereël, vervang dan een van die leksikale naamwoordstukke deur voornaamwoorde. Volgens Lees en Klima word voornaamwoorde op die volgende wyse van leksikale naamwoordstukke afgelei:

- 6 Ek het *Alida* weggewys toe *Alida* my wou groet
PRONOMINALISASIE:
Ek het *Alida* weggewys toe *sy* my wou groet (H.d.B.:25)

- 7 Maar dié tyd was *Roos* nog fris, *Roos* se vel blink van gladdigheid
PRONOMINALISASIE:
Maar dié tyd was *Roos* nog fris, *haar* vel blink van gladdigheid (H.d.B.:23).

Hierdie benadering staan bekend as die passingsanalise en vereis

- volledige strukturele en
- leksikale identiteit

tussen die antesedentnaamwoordstuk (in voorbeeld 6 *Alida*, in voorbeeld 7 *Roos*) en sy anafoor (in voorbeeld 6 *Alida*, in voorbeeld 7 *Roos*). Albei is dus naamwoordstukke met ooreenstemming in leksikale vorms.

Bach (1970:121) het hierdie transformasionele benadering die nek ingeslaan deur te wys op die tekortkominge in die passingsbenadering. Sy standpunt is vervat in 'n artikel, *Problominalization*. Hy wys daarop dat voornaamwoorde anafories is aan 'n VOLLEDIGE INDIWIDUALISERENDE BESKRYWING. By 'n betreklike konstruksie is die antesedent van die voornaamwoord die volledige betreklike konstruksie en nie slegs die hoofnaamwoordstuk nie:

- 8a *Die minister wat swanger is*, sê dat *sy* gaan uittree uit die politieke lewe
- 8b **Die minister wat swanger is*, sê dat *hy* gaan uittree uit die politieke lewe.

Dit is voorts onmoontlik om die anaforiese voornaamwoorde in onderstaande sin tot leksikale naamwoordstukke te herlei, aangesien 'n oneindige dieptestruktuur verkry word:

- 9 Die deelnemer wat bewys het *hy* verdien *dit* sal die prys ontvang wat *hy* verlang.

Die deelnemer is die antesedent van *hy* terwyl *die prys* die antesedent is van *dit*. Die dieptestruktuur van hierdie sin sal soos volg daar uitsien:

Die deelnemer wat bewys het dat die deelnemer die

prys verdien wat die deelnemer wat bewys het dat die
deelnemer die prys verdien wat die deelnemer
die prys sal ontvang wat die deelnemer wat bewys het
dat die deelnemer die prys verdien wat die deelne=
mer wat bewys het

Hierdie probleem waarop Bach gewys het, het later bekend ge=
staan as die "pronominalisasieparadoks" of die probleem van
"oor-en-weer-verwysing".

Sedertdien het sommige grammatici van die transformasionele
benadering ten opsigte van anaforiek afgewyk en is die seman=
tiese komponent hierby betrek. In hierdie verband stel
Bartsch (1979:25) die volgende:

*"I would ultimately prefer to propose
strategies for interpreting pronouns
which are guided by semantic infor=
mation from the lexical items in=
volved as well as context, knowledge
of the world, and surface structure
information."*

Wasow (1979:205) verklaar die begrip anaforiek as volg:

*"Thus the notion of anaphora can be
generalized to designate any case in
which an element's interpretation is
a function of its being paired with
something else in the linguistic
context."*

By anaforiek is anaforiese kettings betrokke wat bestaan uit 'n antesedent en een of meer anafore, byvoorbeeld:

- 10 Daardie aand het *Galant* weer op *sy* eentjie oorgekom met 'n kommetjie sop *wat hy* vir Pamela aangesê het om uit die kombuis uit weg te dra, en *hy*'t hier gesit en lang stories maak oor die Kaap (H.d.B.:270).

In hierdie geval is *Galant* die antesedent, dit wil sê die uitdrukking wat gewoonlik die betrokke anaforiese voornaamwoord/e voorafgaan. *Sy* en *hy* is die anafore wat koreferensieel is met die antesedent. In bostaande voorbeeld is *wat* ook anafories, maar word nie nou al betrek nie. Daar is 'n anaforiese verband tussen elemente van 'n anaforiese ketting aangesien die verskillende elemente koreferensieel is, dit wil sê na dieselfde saak verwys. 'n Anaforiese ketting kan sinsintern wees, dit wil sê die antesedente en hul anafore kom in dieselfde sin voor, soos in voorbeeld 10. Wanneer die anaforiese ketting egter sinsekstern is, kom die antesedent in een sin voor en sy anafore in ander sinne. Die anaforiese ketting strek dan oor sinsgrense heen, byvoorbeeld:

- 11 En ná die wyn behoorlik op die doppe gegis het, dis dae lank 'n brommery en 'n geborrel soos in 'n byenes, dan neem *die Oubaas* oor, want stook stook *hy* self. Die paar dae eet en slaap *hy* by die ketel agter die skuur; daarna is *hy* maklik 'n week lank skoon onregeerbaar van die proe. Maar ons kla nie, want *hy* is vrygewig met die naloop (H.d.B.:29).

Teorieë oor die anaforiek kan nie op geïsoleerde sinne gegrond word nie, aangesien anaforiese verbande betrekking het op die situasie en die hele teks waarin 'n bepaalde uiting

verskyn.

Die beginsel ten opsigte van referensiële anaforiese kettings vereis dat die referent een keer, êrens in die anaforiese ketting geïdentifiseer moet word. In bostaande voorbeeld is dit slegs nodig dat die leksikale naamwoordstuk, *die Oubaas*, een keer in die anaforiese ketting moet verskyn. Daarna kan na hierdie saak verwys word sonder om telkens die leksikale naamwoordstuk te herhaal. Hieruit blyk dit dat anaforiese 'n reduksieverskynsel is: die antesedent is 'n leksikale naamwoordstuk terwyl die anafore pro-vorme of gereduseerde naamwoordstukke is, byvoorbeeld voornaamwoorde. 'n Anafoor kan ook nul of 'n leë plek wees wat verder toon dat anaforiese 'n reduksieverskynsel is, byvoorbeeld:

12a Vlak teen my kom *die leeu* verby, _____ kyk nie eens na my nie (H.d.B.:39).

Hier kom ellips van die naamwoordstuk, *die leeu*, voor sodat 'n nulanafoor verkry word. Voorbeelde 6 en 12a bevat voldoende inligting en is ondubbelsinnig. In Afrikaans is die herhaling van dieselfde naamwoordstuk in een sin ongewoon en sal 'n sin lewer wat 'n oormaat inligting bevat en repetitief is, byvoorbeeld:

12b Vlak teen my kom *die leeu* verby, *die leeu* kyk nie eens na my nie.

'n Anaforiese verband stel die bestaan van 'n referent voorop, sonder 'n referent is geen anaforiese verband moontlik nie. In die sin:

- 13 Dis *h huis* wat *hom* laat ken, van al die kere wat ek van kleins af al *daar* kom om *Ma-Roos* in *haar* werk te help of te hinder (H.d.B.:43)

word afsonderlike anaforiese kettings gevorm deur *h huis*, *wat*, *hom*, *daar*, en *Ma-Roos* en *haar*. Die saak (referent), *Ma-Roos*, word aangedui deur die antesedent, die naamwoordstuk *Ma-Roos*, en dit is dieselfde saak (referent) waarna die anafoor *haar* verwys. Volgens die vroeëre transformasionele siening verwys die anafoor na sy antesedent. Verwysing is egter nie sintakties bereëlbaar nie. Uitdrukkings verwys na sake buite hulself en hierdie sake waarna verwys word, word referente genoem. Die anafoor verwys dus na dieselfde saak (referent) as waarna die antesedent verwys.

3.2 SOORTE ANAFORIESE VERBANDE

3.2.1 TIPE-ANAFORIEK

Op grond van VERWYSING of REFERENSIE word onderskei tussen tipe- en tekenanaforiek. Hierdie onderskeid berus daarop dat 'n antesedent en 'n anafoor referensieel kan wees, maar nie noodwendig koreferensieel hoef te wees nie. Partee (1972) tref 'n duidelike onderskeid tussen referensieel en koreferensieel. In die sin:

- 14 Galant begeer *h swart perd* en Barend begeer ook *h swart perd*

is die naamwoordstukke identies en referensieel, maar hoef nie noodwendig koreferensieel te wees nie, dit wil sê na

dieselfde eksemplaar van die saak *swart perd* te verwys nie. Volgens Ponelis (1979:566) gaan dit by tipe-anaforiek

"om verskillende eksemplare van dieselfde soort of tipe saak".

- 15 Dan het *hy* dit oor *sy* kleintyd, dan oor *dié* vrou of *ddárdie een*, dan oor *sy* baas, dan oor die mense oorkant die Grootrivier, alles heeltemal deurmekaar (H.d.B.:160).

In hierdie voorbeeld is die tipe saak *vrou*, terwyl *dié* vrou en *ddárdie vrou* na twee eksemplare van dieselfde klas verwys. Die res van die anafore in hierdie voorbeeld is aangedui, maar word nie hier betrek nie.

'n Reeks identieke substantiewe of substantiefgroepe word gebruik om 'n tipe-anaforiese ketting uit te beeld:

- 16 Daar was 'n *lang pad_i* agter ons wat ons saam gekom het; en nog 'n *lang pad_j* voor (H.d.B.:179).

Die identiese substantiefgroepe 'n *lang pad_i* en 'n *lang pad_j* vorm die anaforiese ketting met die eerste voorkoms van die substantief, in hierdie voorbeeld 'n *lang pad_i*, as die tipe-antecedent en 'n *lang pad_j* as die tipe-anafoor. (Ten opsigte van referensiële merkers *i* en *j* vergelyk afdeling 3.2.2.)

By tipe-anaforiek is die naamwoordstukke dus REFERENSIEEL, maar nie koreferensieel nie. In laasgenoemde voorbeeld is

daar repetiwiteit en redundansie wat oorkom kan word deur pro-substantivering waar 'n plaasvervangende substantief in plaas van die anafoor voorkom, byvoorbeeld:

- 17 Daar was 'n lang pad agter ons wat ons saam gekom het; en nog een voor.

Redundansie en repetiwiteit kan verder voorkom word deur elips van die tipe-anafoor, aangedui deur die —, dus:

- 18 Daar was 'n lang pad agter wat ons saam gekom het; en nog — voor.

3.2.2 TEKENANAFORIEK

By teken- of referensiële anaforiek is die antesedente en hul anafore in die referensiële anaforiese kettings KOREFERENSIEEL. Koreferensie vereis dat die antesedent en anafoor na dieselfde saak moet verwys. Ten einde aan te dui of na dieselfde of na verskillende sake verwys word, maak Chomsky (1965:145) van referensiële merkers gebruik. Koreferensie word aangedui deur identiese bo- of onderskrifte soos in onderstaande voorbeelde. Ponelis (1979:575) wys ook daarop dat koreferensie aangedui kan word deur identiese boskrifte by antesedente en anafore te plaas.

- 19 $Piet_i$ het sy_i sambok gevat en op sy_i perd geklim
(H.d.B.:55) KOREFERENSIE

- 20 $Piet_i$ het sy_b sambok gevat en op sy_b perd geklim
VERSKILLENDE REFERENTE dus: sy_b = "Jan" se.

Verwysing in anaforiese kettings kan ook gekodeer word deur van logiese veranderlikes gebruik te maak. Die predikaat=logika het daartoe aanleiding gegee dat veranderlikes gebruik is om verwysing van naamwoordstukke aan te dui. Op hierdie wyse kan voorbeeld 19, waar die antesedent en anafore koreferensieel is, soos volg weergegee word:

21 *X* het *X*-se sambok gevat en op *X*-se perd geklim
(Voorwaarde: *Piet* = *X*).

Deur middel van referensiële merkers en veranderlikes word gepoog om verwysing in grammatika te kodeer, maar verwysing is situasiegebonde. Slegs deur kennis van die situasie te dra, kan referente in anaforiese kettings geïdentifiseer word.

3.2.2.1 IDENTIFIKASIE VAN REFERENTE

Die voorwaarde vir referensiële anaforiese kettings is dat die referent êrens geïdentifiseer moet word. Identifikasie van referente kan leksikaal of deikties geskied.

3.2.2.1.1 Leksikale identifikasie

22 Ek is besig om die ringmuur se hoek heel te maak waar die kapkar se wiel 'n paar klippe uitgeruk het, toe *Frans du Toit* met die ding in *sy* bladsak daar aankom en vra of die mense by die huis is (H.d.B.: 288).

In hierdie voorbeeld verwys beide die antesedent, *Frans du*.

Toit, en die anafoor, *sy*, na die saak *Frans du Toit*, maar die naamwoordstuk, *Frans du Toit*, individualiseer en identifiseer die referent sodat aan die vereiste van referensiële anaforiese kettings voldoen word. Leksikale identifikasie, in teenstelling met deiktiese identifikasie, vereis nie dat die referent in die gespreksituasie teenwoordig moet wees nie, aangesien die betrokke naamwoordstukke voldoende identifikasie verskaf.

3.2.2.1.2 Deiktiese identifikasie

Volgens De Klerk (1978:71-72) is DEIKSIS die Griekse vertaling (*deiktikos*) van die Latynse demonstratief en woorde is demonstratiewe woorde

"indien hulle funksioneer in die uitwys van sake in die gespreksituasie".

Die term *deiksis* behels dus die regstreekse verwysing na die een of ander aspek in 'n gespreksituasie. Deiksis lê verband tussen taal en situasie, dit wil sê die verband tussen taal en spreker, hoorder, tyd en plek. Die vernaamste deiktiese kenmerke is:

Persoon (ek: die spreker; jy: die hoorder)
Tyd (nou : toe)
Plek (hier : daar)

Deiktiese kenmerke wissel aangesien deiksis egosentries is, dit wil sê oriëntasie in 'n situasie geskied met verwysing na die spreker. Combrink (1981:91) wys daarop dat die term

DEIKTIESE SENTRUM gebruik word om na die posisie van die spreker te verwys. Die *ruimtelike deiktiese sentrum* word in die meeste gevalle aangedui deur die terme *ek* en *hier*, terwyl die *temporele deiktiese sentrum* meestal aangedui word deur *nou*.

Die deiktiese kenmerk *spreker*, aangedui deur middel van die persoonlike voornaamwoord *ek*, wissel voortdurend na gelang van wie aan die woord is, byvoorbeeld:

23 "Gee maar, *ek* sal dit vir hulle gaan afgee"
(H.d.B.:228), (spreker = Galant)

"*Ek* vertrou jou nie met die ding nie" (H.d.B.:228),
(spreker = du Toit).

Die funksie van die eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde is om die komponente in die gespreksituasie te identifiseer. Perspektiefwysigings raak nie die derdepersoonsvoornaamwoorde nie, sodat die spreker en hoorder in die gespreksituasie albei die derdepersoonsvorm kan gebruik sonder wysiging van die derdepersoonsvoornaamwoord, byvoorbeeld:

24 Alida: "*Hy*'t 'n kind"
Piet : "*Hy* verdien haar nie" (H.d.B.:55).

Eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde het onderskeidelik die kenmerke [+ spreker] en [-spreker]. Lyons (1968:276) wys daarop dat eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde ook die kenmerke [+ bepaald] en [+ menslik] het. Die betrekking van *ek* en *jy* tot *ons* en *julle* moet gesien word as die opposisie van 'n beperkte naas onbeperkte fokus. Beperkte fokus

verwys slegs na die spreker (*ek*) óf slegs na die hoorder (*jy*), terwyl onbepaalde fokus na die spreker en ander (*on*) verwys óf na die hoorder en ander (*julle*).

Die derdepersoonsvoornaamwoorde *hy*, *sy* en *dit* kan referente sowel deikties (buitetekstueel) as anafories (binnetekstueel) aandui, byvoorbeeld:

- 25 Nadat *Lood* weer uitgevars het, het *hy* te perd oorgekom van Houd-den-Bek af om haar te kom terughaal (H.d.B.:55).

Indien hierdie sin in isolasie beskou word, kan enige van meegaande interpretasies daaraan geheg word. Indien *hy* onbeklemtoon uitgespreek word, is die verwysing waarskynlik anafories. *Hy* kan dan na *Lood* verwys aangesien daar aan die vereistes vir koreferensie tussen die antesedent en anafoor voldoen word (in hierdie geval, [+ enkelvoud] [+ manlik]) óf die anafoor kan na 'n referent verwys wat reeds vroeër geïdentifiseer is. Indien daar sterk klem op die voornaamwoord *hy* geplaas word, kan die verwysing deikties of anafories wees. Deiktiese verwysing sal gewoonlik gepaard gaan met 'n handgebaar of hoofknik om die referent aan te dui. Die konteks waarin die uiting voorkom, sal bepaal of die verwysing deikties of anafories is.

Dat oriëntasie in die gespreksituasie ten opsigte van die spreker geskied, blyk verder uit die deiktiese kenmerke TYD en PLEK.

Tyd van uiting: *nou* = teenwoordige tyd
netnou/toe = verlede tyd

Plek: *hier* = in nabyheid van spreker
daar = verwyder van spreker.

Volgens die vroeëre benadering van die generatiewe grammatika waarvolgens van die identieke naamwoordstukke in die onderbou deur middel van 'n pronominalisasietransformasie omgeskakel is na voornaamwoorde, is deiksis buite rekening gelaat.

Uit die bespreking wat volg, sal blyk dat verskillende tipes anaforiese kettings onderskei kan word na gelang van die aard van die anafoor.

3.2.2.2 NAAMWOORDELIKE ANAFORIEK

3.2.2.2.1 Die rigting van anaforiek

Die antesedent gaan gewoonlik aan die anafoor vooraf (vooruitwerkende anaforiek), byvoorbeeld:

26 *Nicolaas_i* lyk bewerig van die kwaad en *hy_i* is spierwit (H.d.B.:238).

Soms kan die anafoor egter aan die antesedent voorafgegaan (terugwerkende anaforiek), byvoorbeeld:

27 *Hy_i* struikel oor iets wat los rondlê en ek hoor *hom_i* brom-brom vloek. Dis *Klaas_i* (H.d.B.:238).

Terugwerkende anaforiek is 'n manier om spanning te bewerk-

stellig, soos in bostaande voorbeeld die geval is. Daar bestaan sekere beperkings ten opsigte van terugwerkende anaforiek, soos reeds genoem (vergelyk in hierdie verband afdeling 2.6).

Bühler (1934:121) onderskei tussen ANAFORIEK en KATAFORIEK afhagende daarvan of die anafoor die antesedent volg of voorafgaan. Tradisioneel, soos ook in hierdie studie, word die term *anaforiek* vir beide vooruitwerkende en terugwerkende anaforiese referensie gebruik.

Ponelis (1976:81) wys daarop dat anaforiese kettings gebou is op die beginsel van "nuwe inligting eerste", dit wil sê die antesedent eerste, gevolg deur die anafore wat die bekende inligting oordra. In anaforiese kettings het die antesedent semantiese voorrang bo die anafoor aangesien dit groter Kommunikatiewe Dinamiek het. In 'n diskoers moet die referent eers vasgestel word voordat daar oor die referent gepraat kan word. Duidelikheidshalwe is dit dus by SVO-tale (dit wil sê by tale met die sinsvolgorde *onderwerp, werkwoord, objektief*) verkieslik om vooruitwerkende anaforiek te gebruik.

Dat die inligtingsinhoud van antesedente hoog is, blyk daaruit dat hulle leksikale naamwoordstukke is, byvoorbeeld *die veldkornet, Boesman, Ma-Roos, Galant, die Oubaas van Wagendrift*, ensovoorts. Die inligtingsinhoud van anafore, wat bekende inligting oordra, is laag. Soms is die anafoor nul, met ander woorde dit word nie geleksikaliseer nie, byvoorbeeld:


28 Niemand van *Jansen se familie* was ná genoeg om te kom nie (H.d.B.:47)

ONDERLIGGENDE STRUKTUUR:

Niemand van *Jansen se familie*_i was ná genoeg dat *hulle*_i kon kom nie.

3.2.2.2.2 Die anafoorskaal

Volgens Ponelis (1979:578) kan anafore op 'n skaal van suiwer leksikaal na grammaties geplaas word, dus:



3.2.2.2.2.1 Herhaling van leksikale antesedente

Antesedentherhaling in 'n anaforiese ketting kan om bepaalde redes gedoen word. Waar antesedente in 'n sin herhaal word, word nadruk verkry, byvoorbeeld:

29 Praat, *Mama*, sê Poppie, maar *Mama* kan nie praat nie (P.N.:269).

In lang tekste is antesedentherhaling duidelikheidshalwe noodsaaklik sodat daar geen twyfel aangaande die referent sal bestaan nie. By die aanspreek van meederes word

antesedente herhaal, in plaas van die gebruik van voornaamwoorde, byvoorbeeld:

30 Ek kom *Baas* net sê, *Baas* (H.d.B.:127).

3.2.2.2.2 Afwisselende naamwoordstukke

'n Verskeidenheid leksikale naamwoordstukke kan afwisselend gebruik word om telkens dieselfde referent te identifiseer, byvoorbeeld:

31 Piet van der Merwe_i, ou Piet_i, Piet Langenvlei_i, die baas van Langenvlei_i, die Oubaas_i, Pa_i, Skooppa_i, Piet_i.

3.2.2.2.3 Determineerder en leksikale naamwoordstuk

Na die antesedent, gevorm deur 'N ONBEPAALE LIDWOORD gevolg deur 'N NAAMWOORDSTUK, word terugverwys deur middel van 'N BEPAALE LIDWOORD gevolg deur 'N NAAMWOORDSTUK, byvoorbeeld:

32 Ek het hom raakgeloop by 'n *vergadering*. Dis nou net mooi genoeg, het die mense op *die vergadering* besluit. (H.d.B.:267).

3.2.2.2.4 Epiteta

Omdat die leksikale betekenis van epiteta baie wyd is, is

epiteta nie geskik om as antesedente te dien nie, maar dit word as anafore gebruik. Epiteta is substantiewe wat voorbepalings kan dra en is gewoonlik affekties gelaai, byvoorbeeld:

- 33 Wil jy vir my sê jy't heeltyd geweet waar ons is?
En jy laat my maar loop? *Jou bobbejaan!* (H.d.B.: 167), (negatiewe affek).

3.2.2.2.5 Voornaamwoordelike anaforiek

Voornamewoordelike anaforiek is die gebruiklikste en hierop sal later ingegaan word.

3.2.2.2.3 Die anafoorhiërargie

Ten opsigte van naamwoordelike anaforiek wys Lakoff (1976:294) daarop dat die voorwaardes waaronder naamwoordfrases as anaforiese uitdrukkings gebruik kan word, hiërargies gebonde is. Hy onderskei vier tipes naamwoordfrases wat hiërargies georden is:

- i Naamwoorde, byvoorbeeld *Campher*
- ii Bepaalde beskrywings, byvoorbeeld *die wit kneg*
- iii Epiteta, byvoorbeeld *die voëlverskrikker*
- iv Voornaamwoorde, byvoorbeeld *hy*.

Lakoff (1976:296) wys daarop dat 'n naamwoordstuk met 'n laer nommer in die hiërargie die antesedent kan wees van 'n naamwoordstuk met 'n hoër nommer in die hiërargie, maar die omge-

keerde geld volgens hom nie, byvoorbeeld:

- 34 Sy was die dogter van *Lood Hugo* (i), *Piet se voor-*
man (ii) op die plaas Houd-den-Bek (H.d.B.:54).

Indien koreferensie veronderstel word, kan 'n naamwoordstuk nie die antesedent wees van 'n naamwoordstuk met dieselfde hiërargiese nommer nie indien die een nie 'n herhaling van die ander is nie, of indien albei nie voornaamwoorde is nie, byvoorbeeld:

- 35a *As Achilles_i slaap, sien Achilles_i nog die maan op-*
kom uit die see wat woel teen die strand
- 35b **As Achilles_i slaap, sien Gwambe_i nog die maan op-*
kom uit die see wat woel teen die strand.

Epitete kan byvoorbeeld die antesedente wees van voornaamwoorde, maar voornaamwoorde kan nie die antesedente wees van epiteta nie, byvoorbeeld:

- 36a *Die verdoolde geeste van die Genootskap_i het die*
filantropie in Engeland opgerui met hulle_i onheil-
spellende stories.
- 36b **Hulle_i het die filantropie in Engeland opgerui met*
die verdoolde Geeste van die Genootskap_i se onheil-
spellende stories.

Twee verskillende epiteta wat na dieselfde persoon verwys, kan in 'n sin voorkom op voorwaarde dat daar 'n ander naamwoordfra-

se in die sin voorkom wat as antesedent vir beide dien. Die-
selfde geld ook vir bepaalde beskrywings en voornaamwoorde,
byvoorbeeld:

37 *Campher*_i het na ons gekom en *die voëlverskrikker*_i
was so honger dat *die blikskottel*_i ons brood agter
ons rug geëet het.

'n Sin soos:

38 In *sy*_i hand het *hy*_i 'n sambok waarmee *hy*_i loop en
piets-piets teen die pype van *sy*_i broek (H.d.B.:297),

is grammatikaal korrek indien aanvaar word dat die antesedent
vroeër in die konteks geïdentifiseer is en dat die voornaam=
woorde anafories gebruik word.

Wanneer naamwoordfrases herhaal word, vorm die eerste naam=
woordfrase die antesedent van die tweede naamwoordfrase, by=
voorbeeld:

39 Dié dat dit my verbaas het dat *Galant* so met hom
aanhou oor 'n ding: oubaas Jan het 'n koeëlvorm op
sy plaas gehad, het hy gesê, 'n ding wat baie maal
oor en weer geleen is as iemand ammunisie wou maak:
en dié wou *Galant* van ou Adonis hê (H.d.B.:308).

In die lig van voorafgaande, definieer Lakoff (1976:299) die
begrip antesedent soos volg:

"Given two coreferential NPs, NP_i and NP_j, we will say that NP_i is the antecedent of NP_j (a) if NP_i ranks higher than NP_j in the hierarchy of [anaphora] or (b) if NP_i and NP_j are identical in form and NP_i precedes NP_j."

Daar bestaan geen eenstemmigheid oor die vraag of die eerste voornaamwoord in 'n anaforiese ketting, bestaande uit voor= naamwoorde, die antesedent vorm van daaropvolgende voornaam= woord/e nie. Lakoff (1976:296) oorkom hierdie probleem deur homself te weerspreek:

"An NP cannot be the antecedent of an NP with the same number, unless one is a repetition of the other or unless both are pronouns."

Hiervolgens kan een voornaamwoord wel die antesedent vorm van daaropvolgende voornaamwoorde. Verder in die artikel sê Lakoff (1976:299) egter na aanleiding van die volgende voor= beeld:

40 *He entered the room and then he spat on the floor*

"The first he cannot be understood as the antecedent of the second he."

Soos later sal blyk, word in hierdie studie wel standpunt in=

geneem ten opsigte van die vraag of voornaamwoorde as antesedente kan optree al dan nie.

3.2.2.3 VOORNAAMWOORDELIKE ANAFORIEK

Afgesien van onbepaalde voornaamwoorde wat nie anafories gebruik kan word nie omdat hulle nie na geïdentifiseerde referente verwys nie, is voornaamwoorde die gebruiklikste anafore. Die funksie van persoonlike voornaamwoorde is om na referente te verwys en dit geskied deikties of anafories. Soos reeds genoem, word met deiktiese verwysing bedoel die regstreekse verwysing na 'n aspek in die gespreksituasie. Die anaforiese verwysing van voornaamwoorde behels die verwysing na 'n referent deur middel van 'n voornaamwoord op voorwaarde dat die referent reeds deur middel van 'n ander naamwoordstuk geïdentifiseer is.

'n Voornaamwoord kan koreferensieel wees met 'n voorafgaande naamwoordfrase indien beide ooreenstem in getal en geslag, byvoorbeeld:

	ANTESEDENT		ANAFOOR
41a	$\left[\begin{array}{l} \text{Die Baas}_i \\ \text{Die Nooi}_i \end{array} \right]$	weet wat	$\left[\begin{array}{l} \text{hy}_i \\ \text{hy}_i \end{array} \right]$ wil hê
42	$\left[\begin{array}{l} \text{Die Baas}_i \\ \text{Die Nooi}_i \end{array} \right]$	weet wat	$\left[\begin{array}{l} \text{hy}_i \\ \text{hy}_i \end{array} \right]$ wil hê.

Aangesien daar ooreenstemming in getal en geslag is, kan 'n sin soos dié in voorbeeld 41a koreferensieel wees, maar indien referensiële merkers afwesig is kan hierdie sin ook as volg geïnterpreteer word:

41b *Die Baas* weet wat *hy* wil hê
Hy = Galant.

Indien daar tussen 'n antesedent en 'n anafoor ooreenstemming is ten opsigte van slegs een van die aspekte *getal* of *geslag*, is koreferensie uitgesluit, aangesien daar ten opsigte van die ander aspek verskil bestaan. Hierdie beginsel geld egter nie altyd in gesproke substandaardafrikaans nie, soos later aangetoon sal word (vergelyk afdeling 4.3.1).

Postal (1968:52) was een van die eerste grammatici wat geargumenteer het dat verwysing verband hou met sintaktiese struktuur en dat die gebruik van 'n persoonlike voornaamwoord in die plek van 'n naamwoordstuk nie slegs deur referensialiteit bepaal word nie, maar dat koreferensie in hierdie verband 'n belangrike rol speel. Vroeëre transformasionele grammatici het van die standpunt uitgegaan dat 'n herhaalde naamwoordfrase opsioneel deur 'n pronominalisasietransformasie vervang kan word met 'n persoonlike voornaamwoord. Verwysing is dus gesien as irrelevant tot die sintaksis en dit het aanleiding daartoe gegee dat die anaforiese voornaamwoorde deur Geach (1962:136) bestempel is as "pronouns-of-laziness." Lyons (1977:674) laat hom in hierdie verband as volg uit:

"It is characteristic of pronouns-of-laziness that they can be substituted for expressions that are identical, but not necessary co-referential, with antecedent expressions."

Die funksie van "pronouns-of-laziness" is dus bloot om antesedenterhaling te voorkom en die deiktiese verwysing van voornaamwoorde kan nie hierdeur verantwoord word nie.

Postal se siening het 'n klemverskuiwing teweeggebring, aangesien daarna van die standpunt uitgegaan is dat koreferensie

die fundamentele verwantskap vorm tussen 'n persoonlike voor= naamwoord en sy antesedent. Onderstaande voorbeelde toon dat 'n persoonlike voornaamwoord 'n plaasvervanger vir een van twee naamwoordfrases is wanneer die naamwoordfrases nie bloot re= ferensieel is nie, maar wel koreferensieel is. Indien die twee naamwoordfrases nie koreferensieel is nie, kan die tweede naamwoordfrase deur *een* vervang word, dus:

- 43a Galant soek 'n *jong bulletjie* en Ontong soek ook 'n *jong bulletjie*
- 43b Galant soek 'n *jong bulletjie* en Ontong soek ook *die jong bulletjie*
- 43c Galant soek 'n *jong bulletjie_i* en Ontong soek *hom_i* ook
- 43d Galant soek 'n *jong bulletjie_i* en Ontong soek ook *een_p*.

Voorbeeld 43a is dubbelsinnig ten opsigte van referensiali= teit, terwyl 43b koreferensieel kan wees as gevolg van die gebruik van die bepaalde lidwoord "die", 43c is koreferensi= eel en 43d slegs referensieel.

By terugwerkende anaforiek kan 'n voornaamwoord koreferensieel wees met 'n naamwoordfrase wat dit volg, indien die voornaam= woord in 'n ondergeskikte klous voorkom wat nie die naamwoord= stuk domineer nie, dus:

- 44a As *Galant_i* kan. gaan *hy_i* Kaap toe
- 44b *Galant_i* sal Kaap toe gaan as *hy_i* kan
- 44c As *hy_{i}_{j}}* kan, sal *Galant_i* Kaap toe gaan
- 44d *Hy_j* sal Kaap toe gaan as *Galant_i* kan.

Voorbeeld 44a en 44b wat vooruitwerkende anaforiek is, beskik

oor die moontlikheid om koreferensieel te wees aangesien die voornaamwoord telkens voorafgegaan word deur die naamwoordstuk. In voorbeeld 44c kan die antesedent en anafoor koreferensieel wees, maar in voorbeeld 44d is die moontlikheid van koreferensie uitgesluit aangesien die voornaamwoord nie in 'n ondergeskikte klous is wat nie domineer nie.

3.2.2.3.1 Refleksiewe voornaamwoorde


Ponelis (1979:87) definieer refleksiewe/wederkerende voornaamwoorde soos volg:

"Wederkerende voornaamwoorde is persoonlike voornaamwoorde wat eksklusief anafories is aan die sinsonderwerp: dié voornaamwoorde het dus altyd die sinsonderwerp tot antesedent."


'n Konstruksie is wederkerend wanneer die antesedent en die anafoor binne dieselfde klous na dieselfde referent verwys, byvoorbeeld:

45 *Hulle_i steur hulle_i nie aan hom nie (P.N.:76).*

Die wederkerende konstruksie is 'n eenheidskonstruksie bestaande uit 'n werkwoord met 'n naamwoordstuk aan weerskante daarvan. Die wederkerende konstruksie kan soos volg voorgestel word:



Indien hierdie sin nie na dieselfde referente verwys nie, dit wil sê nie-wederkerend is, kan die konstruksie soos volg voorgestel word:



Wanneer die antesedent en anafoor nie binne dieselfde klous voorkom nie, is die konstruksie nie wederkerend nie, byvoorbeeld:

47 *Poppie_i* het gehoop hulle sal *haar_i* met die bagasie help.

By die wederkerende konstruksie kan koreferensialiteit aandui word deur die gebruik van *-self*, byvoorbeeld:

48 *Tata-ka-Bonsile* het vir *homself* werk gesoek.

'n Konstruksie is egter nie sonder meer wederkerend wanneer *self* teenwoordig is nie, byvoorbeeld:

49 Dit moet jy maar vir hom *self* vra (P.N.:68).

In hierdie geval verwys *self* na die antesedent, *jy*, en nie na die anafoor nie en om wederkerend te kan wees, moet *self* na die anafoor in die indirekte voorwerpsposisie gekoppel wees. Ponelis wys egter daarop dat die gebruik van *self* by die re=leksiewe vorm, nie eie is aan Afrikaans nie, maar onder Engelse invloed gebruik word.

n Sin soos

50a *Hulle_i* steur *hulle_i* nie aan hom nie (P.N.:76)

bevat 'n voorbeeld van 'n uniekwederkerendgebruikte werkwoord wat die gebruik van *-self* oorbodig en foutief maak soos in onderstaande voorbeeld.

50b **Hulle* steur *hulleself* nie aan hom nie.

In Engels is *-self* 'n belangrike merker van wederkerendheid. Hausser (1979:132) wys daarop dat in 'n sin soos

51 *John_i* shaved *him_i*
 {_j}


kan, maar hoef die antesedent en anafoor nie noodwendig ko=referensieel te wees nie. In 'n sin soos

kan die anafoor, dit wil sê die refleksiewe persoonlike voor= naamwoord, en die antesedent slegs koreferensieel wees.

Gous (1982:72) veronderstel 'n hiërargie van wederkerendheid en plaas tekenanaforiek die hoogste op die ranglys van we= derkerendheid. Sy wys daarop dat die "betreklke" besitlike konstruksie feitlik sonder enige wederkerendheidsaspekte is en daarom hiërargies van die laagste op die wederkerendheids= ranglys is. Grafies kan die verskil soos volg weergegee word:

TEKENANAFORIEK


53 *Buti Plank* het *hom* uitgehuil.



'n Geheel (*Buti Plank*) is koreferensieel met 'n geheel (*hom*).

TIPE-ANAFORIEK


54 *Buti Plank* het *sy smart* uitgehuil



'n Geheel (*Buti Plank*) is koreferensieel met 'n gedeel= te (*sy smart*).

In voorbeeld 53 verwys die antesedent en anafoor na dieselfde referent en het dieselfde betekenis. Die antesedent en anafoor is dus koreferensieel. In voorbeeld 54 verwys die antesedent en anafoor na dieselfde referent, maar daar is 'n verskil in betekenis aangesien 'n geheel koreferensieel is met 'n gedeelte van 'n geheel. Die enigste verwantskap wat voorbeeld 54 met wederkerendheid het, is dat die antesedent en anafoor na dieselfde referent verwys.

Volgens Gous (1982:86-87) kan die wederkerendheidshiërargie soos volg voorgestel word.



3.2.2.3.1.1 Uniekwederkerende werkwoorde

Hierdie werkwoorde kan slegs wederkerend gebruik word soos in voorbeeld 53.

3.2.2.3.1.2 Nie-uniekwederkerende werkwoorde

In hierdie geval kan die werkwoorde wederkerend en nie-wederkerend gebruik word, byvoorbeeld:

- 55 Sy_i was die rakke van die dresser af (P.N.:120)
NIE-WEDERKEREND
56 Sy_i was $haar_i$ (self) WEDERKEREND.

In hierdie konstruksie:

- kom die antesedent en anafoor in dieselfde klous voor
- het die antesedent en anafoor dieselfde betekenis
- verwys die antesedent en anafoor na dieselfde referent
- is die anafoor 'n voornaamwoordkopie van die antesedent
- beklee die anafoor die indirekte voorwerpsposisie.

3.2.2.3.1.3 Komplementkonstruksies

In die onderbou kom die antesedent en anafoor in verskillende klouse voor, byvoorbeeld:

57 *Poppie* werk *haar* gedaan.

3.2.2.3.1.4 "Betreklige" besitlike konstruksies

Die antesedent en anafoor het nie dieselfde betekenis nie. Die anafoor is 'n besitlike konstruksie en 'n direkte voorwerp, byvoorbeeld:

58 *Hy* kyk vir *my* en *hy* klap *sy* tande op mekaar.

3.2.2.3.1.5 Konstruksies met *laat*

In die onderbou is daar twee klouse sonder 'n antesedent + anafoor-verhouding in die klous waarin die indirekte voorwerp voorkom, byvoorbeeld:

59 Die poeliesse *laat* hulle nie flous nie.

3.2.2.3.1.6 Voorsetselgroepe met 'n voornaamwoord + *self* wat as 'n adjunk gebruik word

In hierdie konstruksies verwys die antesedent en die voorsetselgroep sonder meer na dieselfde referent, byvoorbeeld:

60 *Poppie* moet teenoor *haarself* erken dat *sy* nie veel vreugde aan Fezi se geboorte het nie.

By bevelsinne waar die onderwerp nie eksplisiet teenwoordig is nie, word die bestaan van 'n implisiete onderwerp aangetoon deur 'n wederkerende voornaamwoord:

	ONDERWERP	WERKWOORD	WEDERKERENDE VNW.
61	∅	skaam	<i>jou</i> .

3.2.2.3.2 Betreklke voornaamwoorde

Die funksie van die betreklike voornaamwoord (of net betreklike woord volgens Ponelis (1968:169)), is om die betreklike konstruksie in te lei. Die meeste betreklike konstruksies bestaan uit 'n kernnaamwoordstuk (die antesedent) en 'n nabevalende betreklike bysin, dit is die komplekse NS:NS(Bsn). Die betreklike voornaamwoord is anafories verbonde aan die antesedent, dit wil sê die betreklike voornaamwoord wat in 'n bysin voorkom, verwys na die antesedent in die matrikssin sodat die betreklike bysin handel oor/of betrekking het op die antesedent.

Op grond van hul anaforiese aard, plaas Du Plessis (1979:5) die vraagwoorde, betreklike voornaamwoorde, betreklike bywoorde en die vergelykings-*wat* onder dieselfde kategorie, naamlik WAT.

Binne die teoretiese raamwerk van Chomsky se HERSIENE UITGEBREIDE STANDAARDTEORIE kan gesê word dat die betreklike woord optree as vervanging van 'n naamwoordstuk wat in die oppervlak fonologies nie dieselfde gerealiseer word nie, byvoorbeeld:

62 Die oggend van die derde dag het *n man en vrou*_i gekom *wat*_i deur Majola gestuur is (P.N.:188).

Ponelis wys daarop dat die naamwoordstuk uitgebrei kan word deur die proses van verbetrekliking. Du Plessis (1978:48) omskryf die proses van verbetrekliking soos volg:

"Verbetrekliking is die uitbreiding van 'n naamwoordstuk deur 'n aangrensende sin waarin daar 'n naamwoordstuk voorkom wat in sy verwysing identies is aan eersgenoemde naamwoordstuk wat bekendstaan as die kopnaamwoordstuk of by ons beter bekend as die antesedent."

Deur die toepassing van verbetrekliking kan sin 63a van sin 63b afgelei word. In hierdie voorbeeld is daar 'n komplekse naamwoordstuk, naamlik NS (Betr. Bsn) en 'n sogenaamde *free relative* (\emptyset (Betr. Bsn)).

63a Mama kon nie veel gee nie, want sy moes geld weg=
sit vir *Katie*_i, *wat*_i pregnant was by 'n stadskind
sonder mense, maar *wat* sy kon, het sy gegee (P.N.:
188).

63b Mama kon nie veel gee nie, want sy moes geld weg=
sit vir *Katie*_i [*Katie*_i was pregnant by 'n stadskind
sonder mense] maar *wat* sy kon, het sy gegee.

Hier word slegs rekenskap gegee van die eerste betreklike by=
sin. Die antesedent (*Katie*) word uitgebrei deur die betrek=
like bysin (*wat pregnant was by 'n stadskind sonder mense*).
Aangesien daar in die inlyfsin 'n moment voorkom wat ooreen=
stem met die ontvangstuk, kan die ooreenstemmende moment in
die inlyfsin vervang word deur 'n moment, die betreklike woord.
Die naamwoordstuk in die hoër sin en die ooreenstemmende
naamwoordstuk in die bysin het dieselfde indeks (in bostaan=
de voorbeeld, die naamwoord *Katie*) en daarom kan die laer
naamwoordstuk deur 'n betreklike woord vervang word. *Katie*
as onderwerp van die laer bysin, word deur 'n transformasie,
die identieke naamwoordstukuitskakeling, uitgeskakel.

Du Plessis (1979:14) wys daarop dat die onderskikker in Afri=
kaans ook die betreklike woorde insluit en dat dit die inset=
posisie van die bysin vul, dus

§ + Oskik S.

Daar is twee maniere waarop die naamwoordstuk-vervanging deur
'n element van WAT plaasvind, naamlik:

- i WAT vervang 'n onbepaalde naamwoordstuk en word
onder andere as *wat* of *wie* gerealiseer

- ii WAT vervang 'n naamwoordstuk in die inlyfsin wat identies is aan die kop of ontvangstuk, dit wil sê die antesedent in die ontvangsin.

In die onderbou bepaal die posisie van die naamwoordstuk wat vervang is, die posisie van *wat* (die betreklike woord), maar in die oppervlaktessin verskyn *wat* in die \bar{s} -insetposisie. In Afrikaans word die betreklike woord na die \bar{s} -begin verskuif deur die WAT-verskuiwingsreël en die reël vir bysinsvorming verander die volgorde van die inlyfsin na dié van 'n afhanklike sin. By die betreklike konstruksie veroorsaak die WAT-plasingsreël dat die identieke naamwoordstuk in die inlyfsin vervang word deur, onder andere *wat* of *wie*.

In Afrikaans word twee tipes verbetrekliking onderskei, naamlik beperkende en uitbreidende verbetrekliking. Ponelis (1968:170) tref hierdie onderskeid op grond van die verband tussen die antesedent en die betreklike bysin. Hierdie verbandsverskil is egter nie sintakties aantoonbaar nie en kan daartoe lei dat die betreklike bysin as beperkend of uitbreidend geïnterpreteer word. Die beperkende (individualiserende) betreklike bysin verskaf spesifieke, individualiserende inligting aangaande die antesedent, terwyl die bystellende (uitbreidende) betreklike bysin bykomende inligting aangaande die antesedent verskaf.

BEPERKENDE BYSIN

- 64 Mense *wat sy op die pad leer ken het*, skree vir haar tot siens (P.N.:204).

Hierdie betreklike bysin is beperkend aangesien dit net betrekking het op 'n bepaalde gedeelte van die mense, naamlik dié wat sy op die pad leer ken het.

BYSTELLENDEN BYSIN

65 Mense, *wat sy op die pad leer ken het*, skree vir haar tot siens.

Hierdie betreklike bysin is bystellend aangesien dit nie die antesedent *mense* beperk nie, maar meer inligting verskaf van die klas as geheel.

Tussen bogenoemde twee tipes sinne bestaan daar slegs 'n semantiese verskil en hierdie semantiese verskil is nie sintakties aantoonbaar nie. Hierdie onderskeid is egter wel aantoonbaar binne die funksionele grammatika.

3.2.2.3.2.1 Die beperkende betreklike bysin binne die raamwerk van die funksionele grammatika

Kuno ontken nie die bestaan van sintaktiese prosesse nie, maar poog om 'n natuurlike verklaring daarvoor te verskaf. As gevolg hiervan verklaar hy die beperkende betreklike bysin vanuit die tema-remagespunt. Hy postuleer die tematiese beperking op betreklike bysinne soos volg: 'n betreklike bysin moet 'n stelling wees oor sy kop-N (Kuno, 1976:420). Kop-N is dan dié N wat in die bodemreël deur die simbool N voorgestel word. Hiervolgens moet die betreklike bysin 'n stelling wees oor die antesedent en dit bring verder mee dat daar by verbetrekliking nie sprake is van die uitskakeling van 'n identieke naamwoordstuk nie, aangesien die naamwoordstuk wat uitgeskakel word, die tema van die inlyfsin is. Die volgende sin is byvoorbeeld ongrammatikaal aangesien dit nie 'n stelling is oor die tema, dus die antesedent, nie:

66 * Die gehuil van Fezi *wat Poppie hoor en die tromme dreun voort*.

Die gehuil van Fezi is die antesedent van die bysin, maar die bysin is nie 'n stelling oor die antesedent of tema nie. Deur te let op die bystelling in Afrikaans, kan getoon word dat die betreklike bysin 'n stelling moet wees oor die antesedent. Bystellings is gereduseerde betreklike bysinne en hierdie feit word soos volg deur Ponelis (1968:181) geïmpliseer:

"Bystellings, plekbepalings en sekere voorsetselgroepe word as nabepalings aangeheg deur weglating van die betreklike voornaamwoord en die werkwoord."

In die volgende sinne is die bystelling telkens gekursiveer:

- 67 Poppie skryf 'n brief oor Thandi
- 68 Poppie ontvang 'n brief oor Thandi
- 69 Poppie vergeet 'n brief oor Thandi
- 70 Poppie verloor 'n brief oor Thandi.

Sekere grammatiese reëls stel dat geen element uit 'n betreklike bysin met 'n leksikale kop-N uit die naamwoordstuk wat die inlyfsin beheer, verskuif kan word nie. Binne die breëre T.G.G.-verband word hier verwys na Ross se sogenaamde "Complex NP Constraint" (CNPC) en Chomsky se "Subjacency Condition". Binne die T.G.G. word dit gestel dat 'n element nie uit die CNP onttrek kan word nie omdat die bysin 'n "wh-island" (anaforiese eiland) is, of omdat die bysin nie aangrensend is aan dit waarheen die onttrekte element verskuif nie. Elemente binne die bystelling word dus nie verbetreklik of bevra nie. Daar is egter gevalle waar 'n element binne die bystelling deur middel van 'n transformasie wel verbetreklik kan word, byvoorbeeld:

- 71 Dit is oor Thandi wat Poppie 'n brief skryf
- 72 Dit is oor Thandi wat Poppie 'n brief ontvang.

Soms lewer die toepassing van hierdie transformasie egter ongrammatikale sinne, byvoorbeeld:

73 *Dit is oor Thandi wat Poppie 'n brief vergeet

74 *Dit is oor Thandi wat Poppie 'n brief verloor.

In teenstelling met die siening van transformasioneel-generatiewe grammatici, beweer Kuno dat ongrammatikale sinne in hierdie verband nie deur genoemde sintaktiese beperkings (soos die CNPC of die "Subjacency Condition") voorspel word nie, maar deur natuurlike verklarings. Kuno verskaf 'n natuurlike verklaring vir hierdie sintaktiese proses deur dit aan die hand van die temaskap van die naamwoordstukke wat verbetreklik word te verklaar. *Thandi* kan maklik as die tema van voorbeeld 71 en 72 geïnterpreteer word en daarom is hierdie twee sinne verbetreklikbaar. Voorbeeld 73 en 74 is nie verbetreklikbaar nie aangesien *Thandi* nie as die tema geïnterpreteer word nie.

Aangesien die bysin verbonde is aan die kop-N, die tema, is die BEPERKENDE BETREKLIKE BYSIN deel van die TEMA-REMA-STRUKTUUR van die HELE SIN. Hierdie tipe betreklike bysin is dus 'n integrerende deel van die hele sin.

Loetscher (1972:48) wys daarop dat die beperkende betreklike bysin beperk is ten opsigte van wegbeweeg na regs, weg van die kop-N af. Indien klem geplaas word op een van die elemente van die bysin, kan die bysin wegbeweeg na die sinseinde. Daar bestaan 'n direkte verband tussen SINSKLEM en REMA. Die element wat die sinsklem dra, is die rema en die rema staan so na as moontlik aan die sinseinde.

Dit blyk dus dat die beperkende betreklike bysin deel is van die inligtingstruktuur van die totale sin. Die beperkende betreklike bysin is ook 'n integrerende deel van die tema-remastruktuur van die totale sin. Binne die funksionele raamwerk is die BEPERKENDE BETREKLIKE BYSIN 'n AFHANKLIKE SIN, aangesien dit nie sy eie tema-remastruktuur het nie, maar afhanklik is van die inligtingstruktuur van die sin in sy geheel. Hiervolgens word die beweeglikheid van bysinselemente funksioneel beperk en die beperking bied 'n natuurlike verklaring van 'n sintaktiese proses.

3.2.2.3.2.2 Die uitbreidende betreklike bysin binne die raamwerk van die funksionele grammatika

Die onderskeid tussen die uitbreidende en beperkende betreklike bysinne is moeilik bepaalbaar. Die plasing van die komma speel 'n belangrike rol in hierdie verband, aangesien die klempatroon daardeur beïnvloed word. Vergelyk in hierdie verband voorafgaande voorbeelde 64 en 65.

Du Plessis (1978) wys daarop dat die antesedent en die beperkende bysin redelik ver van mekaar geplaas kan word deur ekstraposisie, byvoorbeeld:

75a Thandi maak *die hut* mooi wat sy bewoon

75b Thandi maak *die hut* met klei mooi, wat sy bewoon.

Indien die bywoordelike bepaling tussen die antesedent en die bysin beklemtoon word, is die sin ongrammatikaal as gevolg van die uitmeekaarskuif van die antesedent en bysin, byvoorbeeld:

75c *Thandi maak *die hut* sowaar met klei mooi *wat sy*
bewoon.

As die bysin beklemtoon word, kan die beperkende betreklike bysin egter oor die slotwerkwoord skuif.

Uit bostaande blyk dit dat die stukke van die bysin die sins=klem kan dra net soos enige stuk in die hoofsin. Klem beïnvloed tegelyk 'n stuk se posisie binne die sin asook die betekenis van die sin. Gevolglik is daar 'n interafhanklikheid tussen die SINSPOSISIE, KLEM en BETEKENIS. Betekenisverskil hou verband met tema en rema. Aangesien die rema die hoogs=beklemtoonde sinselement is, moet die naamwoordstuk wat as rema optree, die posisie naaste aan die einde van die sin inneem. In Afrikaans sal hierdie naamwoordstuk in die bysin direk voor die werkwoordelike element geplaas word.

Soos reeds aangetoon, verskil die klempatroon van die twee tipes betreklike bysinne. Hierdie verskil hang nou saam met die fundamentele elemente van die inligtingstruktuur van die sin, naamlik tema en rema. In hierdie opsig bestaan daar 'n funksionele verskil tussen die uitbreidende en beperkende betreklike bysin. By die uitbreidende betreklike bysin kan hoofklem op een van die elemente van die bysin geplaas word sowel as op een van die elemente van die hoofsin. Vir hierdie doel is die UITBREIDENDE BYSIN dus 'n ONAFHANKLIKE SIN met 'n ONAFHANKLIKE TEMA-REMA-STRUKTUUR. Vergelyk in hierdie verband die volgende sin:

76 Jakkie kan kiere dra in sy hand, maar as hy met 'n man van dieselfde ouderdom baklei *wat van die Transkei af kom*, dan slaat daardie man hom op, want hy ken dit nie (P.N.:251).

Kierie in die ontvangsin en *Transkei* in die inlyfsin kan byvoorbeeld ewe sterk beklemtoon word. Du Plessis (1978:59) wys daarop dat 'n sin slegs een hoofklem kan dra en op grond hiervan bestaan bogenoemde voorbeeld dan uit twee struktureel onafhanklike sinne. Klemplasing in die hoofsin is onafhanklik van watter element in die bysin beklemtoon word.

Die feit dat die beklemtoonde element rema is en dat hierdie beklemtoonde element die sinseinde verkies, toon dat die beklemtoonde element in die uitbreidende bysin die slotposisie in die bysin verkies. Die regse aantrekking van 'n beklemtoonde naamwoordstuk geld egter nie vir die hele sin waar daar 'n uitbreidende bysin is nie. Die naamwoordstuk binne die beperkende relatief is beweegliker as die naamwoordstuk binne die uitbreidende bysin. As gevolg hiervan kan die naamwoordstuk van die uitbreidende bysin nie oor soveel veranderinglikes na regs beweeg nie as die naamwoordstuk van die beperkende relatief nie, byvoorbeeld:

77 Gister het Jakkie in die lokasie aan betogings deelgeneem wat deur skoolkinders gereël is.

Beweging kan nie oor langer stukke as die werkwoordelike gedeelte plaasvind nie, byvoorbeeld:

78 *Poppie het Bonsile verlede maand twee maal gesien wat kontrak werk in die Kaap.

Loetscher (1972:54) wys daarop dat die nie-beperkende relatiewe klous nie deel is van die tema-remastruktuur van die sin nie.

Die betreklike konstruksie kan egter ook sonder 'n antesedent funksioneer. Die betreklike voornaamwoorde *wie* (menslik) en *wat* (nie-menslik) kom in die antesedentlose betreklike konstruksie voor, byvoorbeeld:

79 *Wie* nie aan die staking wou deelneem nie, is mishandel

80 *Wat* Buti Plank daardie aand in die bos gesien het, weet ons nie.

Wie = *elkeen/iemand* wat
wat = *dit* wat.

Binne die funksionele raamwerk word natuurlike verklarings vir sintaktiese prosesse gevind en word sintaktiese prosesse nie bloot net beskryf nie. Bostaande bespreking dien as voorbeeld hiervan waar 'n sintaktiese proses aan die hand van funksionele begrippe soos *tema* en *rema* verklaar word.

3.2.2.4 BYWOORDELIKE ANAFORIEK

Die bywoorde *hier*, *daar*, *dan*, *toe* word anafories gebruik, byvoorbeeld:

81 My man kon saamgaan as hy wou, die wet gee nie om nie, maar as hy saamgaan moes hy nou weer nuwe boy gaan word, ons ken die mense wat al klaar teruggekom het van *East London*_i en hulle sê *daar*_i's nie werk nie, (P.N.:143)

- 82 Hulle sê hulle kinders sal nie plek kry nie, die Kaapse mense kom vat die huise *hierso* (P.N.:156) (*hierso* is die anafoor van die antesedent *East London*)
- 83 Hulle het ook kom sê as daar ander kinders van die Kaap kom, dan, gaan kyk ek of ek die mense ken (P.N.:156)
- 84 Ek sit nog so in my huis die *Sondamiddag*, skryf sy, toe, klop 'n man aan my deur en sê: Daar het familie van jou in die groot straat seergekry (P.N.:159).

3.2.3 NULANAFORIEK

Onder nulanaforiek word verstaan die totale afwesigheid van 'n eksplisiete leksikale anafoor, dus

"The 'hole' where an NP is understood and would have to be present in the fully specified version of the sentence"
(Li and Thompson, 1979:312).

Nulanaforiek sluit in IDENTIEKE NAAMWOORDSTUKSKRAPPING, INFINITIEFSINNE en NOMINAALKONSTRUKSIES waar die onderwerp of voorwerp van die sin ontbreek. Daar moet onderskei word tussen nulanaforiek en ellips van die tipe-anafoor waar die ontbrekende anafoor 'n spoor nalaat in die vorm van 'n pro-substantief. Laasgenoemde word nie onder nulanaforiek geklassifiseer nie. Die volgende sin is 'n voorbeeld van ellips van die tipe-anafoor:

- 85 *Die kind* wat met die Baas se oë dag vir dag na my gekyk het en aan my borste gedrink het. Maar sy was tog *myne* ook (H.d.B.:390).

In die plek van die elliptiese tipe-anafoor word die pro-substantief *myne* gebruik.

3.2.3.1 IDENTIEKE NAAMWOORDSTUKSKRAPPING

- 86 Op die motgevrete ou vel was dit nie die base van die wêreld wat gelê en bloei het nie: dit was net een man, jy, Nicolaas, wat my maat was en [*my maat*] kon gebly het (H.d.B.:397).

3.2.3.2 INFINITIEFSIN

- 87 Ek is bly *om te kan sê* ons het die boere nog gehelp om party van die skelms aan te keer (H.d.B.:393)
geparafraseer as:

Ek is bly *dat ek kan sê* ons het die boere nog gehelp om party van die skelms aan te keer. (Daar is slegs gelet op die eerste infinitief.)

In hierdie voorbeeld is die implisiete onderwerp van die infinitiefsin *ek*. By die identifikasie van die implisiete onderwerp of voorwerp speel die konteks waarin die sin voorkom 'n belangrike rol.

3.2.3.3 NOMINAALKONSTRUKSIE

88a Cecilia het om beskerming gevra
geparafraseer as:
Cecilia het gevra dat *sy* beskerm moet word.

88b Die owerheid het om uitlewering gevra
geparafraseer as:
Die owerheid het gevra dat *die moordenaars* uitge=
lewer moet word.

Aangesien 88a en 88b sintakties identies is, kan die anafo-
riese verskil nie sintakties verantwoord word nie. Hier=
die verskil lê in die semantiese verwantskap tussen die
naamwoordstuk en die werkwoord.

Die persepsie van die mens is van so 'n aard dat 'n te lang sin
verwarrend is en al die sinselemente nie van die begin tot
die einde van die sin onthou kan word nie. Deur middel van
nulanaforiek word die sinstukke verminder en die verstaan=
baarheidsgraad van die sin verhoog. 'n Sin soos:

89 Ek is bly *om te kan sê* ons het die boere nog ge=
help *om party van die skelms aan te keer* (H.d.B.:
393)

waar nulanaforiek in die vorm van infinitiefsinne voorkom,
is makliker verstaanbaar as 'n sin daarsonder:

90 Ek is bly dat ek kan sê ons het die boere nog ge=
help dat die boere party van die skelms kan aankeer.

3.3 ONTBREKENDE ANTESEDEENTE

In die artikel *Missing antecedents* (Grinder en Postal, 1971: 276) word na die volgende sinne verwys:

91a Harry doesn't have a wife but Bill does have a wife_i
and she_i is a nag

91b Harry doesn't have a wife but Bill does and she is
a nag.

Hier word van die standpunt uitgegaan dat in voorbeeld 91a die antesedent *a wife* en die anafoor *she* koreferensieel is, maar volgens die siening van Grinder en Postal ontbreek die antesedent van die anafoor *she* in voorbeeld 91b. Hierdie sin word dan as antesedentloos beskou, aangesien die onbepaalde naamwoordstuk *a wife* volgens hulle siening nie kan dien as antesedent vir die koreferensiële anafoor *she* nie. In hierdie verband moet egter gelet word op Ponelis (1979:566) se siening van tipe-anaforiek, naamlik dat dit gaan om

*"verskillende eksemplare van dieselfde
soort of tipe saak"*.

Die antesedent en anafoor is hiervolgens referensieel, maar nie koreferensieel nie.

Na my mening is die tipe saak in 91b *wife*. Die naamwoordstuk

a *wife* en die voornaamwoord *she* is dan referensieel (verwys na verskillende eksemplare van die saak *wife*), maar nie ko-referensieel nie. Die saak is dus bekend, alhoewel die spesifieke eksemplaar nie uitgewys word nie. In hierdie lig beskou, is dit waarna in Grinder en Postal se artikel verwys word nie 'n ontbrekende antesedent nie, maar wel tipe-anaforiek.

Soos later sal blyk (vergelyk afdeling 4.3.6), is in geskrewe en gesproke substandaardafrikaans wel gevalle waargeneem waar die antesedent ontbreek.

3.4 ANAFORIESE EILANDE

By anaforiese verwysing is die antesedent en anafoor normaalweg duidelik onderskeibaar. 'n Probleem van die anaforiek is die sogenaamde "anaforiese eilande" waar die verhouding tussen die antesedent en anafoor nie altyd duidelik uit die sin blyk nie. Leech (1975:338) omskryf die term "anaforiese eilande" soos volg:

"Linguistic units behave as 'islands' for purpose of anaphora or discourse reference in that, for example, one cannot refer to elements inside them by means of a pronoun."

Vanuit 'n logiese standpunt beskou, is hierdie bedoelde tipes taalkundige verwysings ongrammaties, maar dit duik tog soms in taalgebruik op.

In die volgende voorbeeld kom 'n anaforiese eiland voor:

92a Die kind met *die blou oë* vryf *hulle*

92b *Die *blouoogkind* vryf *hulle*.

In die voorbeeld 92a is die antesedent *die blou oë* en die anafoor *hulle*. In voorbeeld 92b is die antesedent morfologies geïnkorporeer in die samestelling *blouoogkind*. *Blouoogkind* is dus 'n anaforiese eiland omdat daar nie op grammaties aanvaarbare wyse na elemente in hierdie samestelling deur middel van voornaamwoorde verwys kan word nie. Volgens Postal (1969:205) moet, waar 'n voornaamwoord anafories na 'n antesedent verwys, daar begripsidentiteit (*identity of sense*) en referensiële identiteit (*identity of reference*) wees. Indien daar in 'n anaforiese verwysing slegs begripsidentiteit is en referensiële identiteit ontbreek, word 'n ongrammatikale vorm verkry. Die volgende sin:

93a Jan se *ouers_i* is oorlede en hy mis *hulle_i* baie

is grammatikaal aanvaarbaar aangesien daar begripsidentiteit sowel as referensiële identiteit tussen die antesedent *ouers* en die anafoor *hulle* bestaan. Daarenteen is 'n sin soos:

93b *Jan is 'n weeskind en hy mis *hulle* baie

ongrammatikaal aangesien daar tussen die naamwoordstukke *weeskind* en *hulle* slegs begripsidentiteit en nie referensiële identiteit bestaan nie. *Weeskind* is 'n *kind* *wie se ouers oorlede is* en *hulle* verwys dus na die geïnkorporeerde term *ouers*. Daar is ook nie referensiële identiteit tussen hierdie naamwoordstukke nie, aangesien *weeskind* en *hulle* nie na dieselfde saak verwys nie.

Volgens Carstens (1977:34) kom die argument ten opsigte van anaforiese eilande daarop neer dat:

"'n kenmerk in die oppervlaktestruktuur van die sin gelees moet word om 'wettiglik' en grammatikaal gepronominaliseer te kan word".

In hierdie verband speel morfologiese verwantskap 'n belangrike rol. In die sinne:

94a Die persoon wat met 'n *motorfiets*_i ry, dink *dit*_i is 'n wonderlike ryding

94b ? Die *motorfietsryer* dink *dit* is 'n wonderlike ryding

is daar wel 'n morfologiese verwantskap tussen die bedoelde antesedent *motorfiets* en die nominale samestelling *motorfietsryer*. In voorbeeld 94a word die voornaamwoord deur die leksikale item (die antesedent *motorfiets*) bepaal, terwyl in 94b die voornaamwoord nie deur die leksikale item bepaal word nie. 'n Sin soos die in 94b sal volgens Lakoff en Ross (1972:121) meer aanvaarbaar wees, aangesien die woord *ryding* daarin voorkom en daar 'n logiese verband bestaan tussen die morfeem *motorfiets* in die samestelling *motorfietsryer*, en die leksikale item *ryding*.

Carstens (1977:35) onderskei verskillende Tipes ANAFORIESE EILANDE op grond daarvan dat die bedoelde antesedent

- morfologies kenbaar is in groter eenhede en/of

- semanties onderskeibaar is in die grammatiese antesedent.

3.4.1 BEDOELDE ANTESEDENT MORFOLOGIES KENBAAR

Die antesedent van die anafoor vorm in hierdie geval 'n integrerende deel van die sintaktiese en morfologiese struktuur van die grammatiese antesedent. Gewoonlik bevat die antesedent 'n morfeem van die samestelling of afleiding. In hierdie verband onderskei Carstens (1977:36) drie tipes:

3.4.1.1 DEEL VAN 'N SOORT METONIMIA

Die volgende is gevalle waar die grammatiese antesedent 'n soort metonimia is wat die bedoelde antesedent insluit.

95a *Piet het 'n *Hepplewhite* gekoop omdat hy van *sy* ontwerp hou

95a Piet het 'n stoel ontwerp deur *Hepplewhite_i*, gekoop omdat hy van *sy_i* ontwerp hou.

In 'n grammatikaalkorrekte sin kan die naamwoordstuk 'n *Hepplewhite* nie dien as antesedent vir die anafoor *sy* nie, aangesien daar nie referensiële identiteit tussen die werklike antesedent en anafoor bestaan nie, soos byvoorbeeld in 95a. Hierdie tipe anaforiese eiland kom dikwels in hedendaagse taalgebruik voor.

3.4.1.2 SELFSTANDIGE MORFEEM VAN LEKSIKALE NAAMWOORDSTUK

Die volgende is gevalle waar die bedoelde antesedent 'n selfstandige morfeem vorm van die leksikale naamwoordstuk (meestal 'n samestelling):

96a **Diamanhandelaars* dra 'n goeie kennis *daarvan*

96b Persone wat met *diamante* handel dryf, dra 'n goeie kennis *daarvan*.

Voorbeeld 96a is grammatikaal onaanvaarbaar aangesien 'n gedeelte van die naamwoordstuk *diamanhandelaars* (dus *diamant*) moet dien as antesedent vir die anafoor *daarvan*. 'n Gedeelte van die bedoelde antesedent is morfologies in die sintaktiese struktuur teenwoordig, maar die bedoelde antesedent is steeds moeilik afleibaar. Carstens (1977:39) is van mening dat sinne waarin hierdie tipe anaforiese eiland voorkom, nie noodwendig ongrammatikaal is nie.

3.4.1.3 DEEL VAN 'N AFLEIDING

97a Die *Mohammedane* glo *hy* is die grootste profeet

97b Die aanhangers van *Mohammed_i* glo *hy_i* is die grootste profeet.

By anaforiese eilande van hierdie tipe is die bedoelde antesedent slegs gedeeltelik onderskeibaar in die naamwoord wat as grammatiese antesedent optree (meestal 'n afleiding). In laasgenoemde voorbeeld bo vorm *Mohammed* die antesedent van

die anafoor *hy*, maar in eersgenoemde voorbeeld is daar nie 'n duidelik onderskeibare antesedent nie.

3.4.2 BEDOELDE ANTESEDENT SEMANTIES ONDERSKEIBAAR

3.4.2.1 ANTESEDENT UIT NAAMWOORD AFLEIBAAR

By hierdie tipe anaforiese eiland moet die bedoelde antesedent op 'n semantiese wyse afgelei word uit die grammatiese antesedent wat in die sinstruktuur teenwoordig is. Die leksikale element wat in hierdie geval as anaforiese eiland optree, kan op een van twee maniere afgelei word, naamlik:

- die bedoelde antesedent is een van die semantiese kenmerke van die grammatiese antesedent óf
- die bedoelde antesedent maak deel uit van die parafrase van die gegewe leksikale element. (Vergelyk in hierdie verband voorbeeld 93a en 93b)

3.4.2.2 ANTESEDENT UIT WERKWOORD AFLEIBAAR

Grinder en Postal (1971:288) verwys na William Watt se ongepubliseerde bevinding, naamlik dat daar beperkings is wat verhoed dat koreferensiële voornaamwoorde hulle antesedente binne werkwoorde kan hê, uitgesonderd in geval van:

"a semantically natural class of verbal elements describing processes by which the bodies of living creatures excrete substances",

byvoorbeeld:

98 Sy neus moes op die kussing *gebloei* het omdat *dit*
'n vlek veroorsaak het.

Die anafoor *dit* verwys na die afgeskeie inhoud *bloed*, wat die bedoelde antesedent is en opgesluit lê in die werkwoord *bloei*. Hier tree die betrokke werkwoord dus as anaforiese eiland op.

Alhoewel steeds ongrammatikaal, is sinne waar die antesedent semanties afgelei moet word minder aanvaarbaar as in gevalle waar die antesedent 'n morfeem van die grammatiese antesedent is. Carstens (1977:50) kom tot die gevolgtrekking dat 'n anaforiese verhouding dus moontlik is tussen EEN WOORD (byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord) en 'n ANDER WOORD (byvoorbeeld 'n voornaamwoord), maar NIE tussen 'N MOMENT VAN 'N WOORD en 'n ANDER WOORD nie. Anaforiese eilande ontstaan as gevolg van slordige taalgebruik.

Myns insiens is daar 'n direkte verband tussen die onaanvaarbaarheid van anaforiese eilande en die kognitiewe vermoë van die mens. Die persepsie van die mens is van so 'n aard dat 'n verband gelê kan word tussen twee begrippe (antesedent en anafoor), maar nie tussen 'n begrip (anafoor) en 'n geabstraheerde begrip (bedoelde antesedent) nie, hetsy of hierdie geabstraheerde begrip op semantiese wyse of morfologies bepaal moet word. Laasgenoemde lei tot onaanvaarbaarheid.

HOOFSTUK 4

ANAFORIEK IN SUBSTANDAARDAFRIKAANS

4.1 STUDIEGEBIED

Die studie van anaforiek in substandaardafrikaans is in teksverband sowel as in die omgangstaal gedoen. Die werke *Houd-den-Bek* deur André P. Brink en *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert is gekies vir ontleding met betrekking tot anaforiek, aangesien albei werke gebaseer is op werklike gebeure en 'n redelike getroue weergawe van substandaardafrikaans is. Beide werke is in 'n ontspanne styl geskryf, maar soos later sal blyk, is daar faktore aanwesig wat daarop dui dat die stylvlak van die teks meer formeel is as dié van die omgangstaal. In die omgangstaal is daar byvoorbeeld telkens herhaling, versprekings en selfs snelle, spontane verandering van die gespreksonderwerp. Hierdie faktore is meer georden, selfs afwesig in teksverband. Die omgangstaal van Griekwas, hoofsaaklik uit Griekwaland-Wes, is bestudeer.

4.2 UITGANGSPUNT

Soos reeds genoem, is die voorwaarde vir alle referensiële anaforiese kettings dat die referent êrens GEÏDENTIFISEER moet word. Die referent moet ook GEÏDIWIDUALISEER word sodat dit ONDERSKEI KAN WORD VAN ALLE ANDER MOONTLIKE REFERENTE (Ponelis, 1979:576). Identifikasie en individualisasie is die funksie van die antesedent. Om aan genoemde vereistes te voldoen, moet die inligtingsinhoud van die antesedent dus hoog wees. Eiename en leksikale naamwoord-

stukke voldoen aan hierdie vereiste, soos blyk uit die volgende voorbeelde:

- 99 Om dit geloofwaardig te laat klink, het ek hom gesê ons moet een van *Jean D'Alree* se twee gewere met ons saamneem
- 100 *Die ou skoenmaker en kleremaker* woon op 'n gedeelte van Houd-den-Bek
- 101 Voorts die volk in diens van *die skoenmaker en kleremaker Jean D'Alree* (H.d.B.:2).

In voorbeelde 99 en 100 identifiseer en individualiseer die eienaam en leksikale naamwoordstuk onderskeidelik die referent. Dit blyk egter dat die semantiese lading van 'n antesedent, bestaande uit 'n direkte kombinasie van 'n eienaam en leksikale naamwoordstuk, die hoogste is, soos in voorbeeld 101. Hierdeur word die referent bo alle twyfel geïdentifiseer en geïndividualiseer. Die leksikale naamwoordstuk kan egter ook soms as anafoor optree, byvoorbeeld:

- 102 Dat *die huisvrou van Barend van der Merwe* genaamd *Hester* (H.d.B.:3).

In hierdie geval is daar nie 'n direkte kombinasie tussen die eienaam en die leksikale naamwoordstuk nie, soos ook in die volgende geval waar die leksikale naamwoordstuk en eienaam deur die komma geskei word:

- 103 die gedetermineerde *Klaas, die mantoor op die plaas van sy lyfheer Barend van der Merwe*, daartoe

Op grond van bostaande kan 'n ANTESEDENTIËRARGIE veronderstel word en wel soos volg:

- ↑ ◦ direkte kombinasie van eienaam en leksikale naamwoordstuk
- eiename
- leksikale naamwoordstukke.

In die lig van die feit dat die antesedent die referent moet identifiseer en individualiseer, word van die standpunt uitgegaan dat voornaamwoorde nie as antesedente kan optree nie, maar slegs as anafore.

Binne die gespreksituasie dui die voornaamwoorde *ek* met die semantiese kenmerk [+ spreker] en *jy* met die semantiese kenmerk [- spreker] onderskeidelik die SPREKER en HOORDER aan. Binne die teks bied hierdie ontleding van die eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde egter nie voldoende inligting aangaande die referent aan die leser nie. Die referent word hierdeur nie voldoende GEÏDENTIFISEER en GEÏNDIVIDUALISEER nie aangesien die inligtingsinhoud van hierdie voornaamwoorde te laag is. 'n Volgende stap, naamlik die HERLEIDING van voornaamwoorde na eiename of bepaalde leksikale naamwoordstukke is nodig voordat die referente bevredigend geïdentifiseer en geïndividualiseer is.

Deur die derdepersoonsvoornaamwoord anafories te gebruik, word die referent ook in 'n beperkte mate geïdentifiseer, aangesien identifikasie ten opsigte van GESLAG plaasvind. Dit lei egter nie daartoe dat die referent onderskei kan word van

alle ander moontlike referente nie. Binne die klas [+ manlik], weergegee deur die voornaamwoord *hy*, is daar byvoorbeeld baie lede en die referent moet verder onderskei word deur identifikasie deur middel van 'n eienaam of leksikale naamwoordstuk.

4.3 BEVINDING

4.3.1 VOORNAAMWOORDELIKE ANAFORIEK

Uit die navorsing gedoen op substandaardafrikaans is tot die gevolgtrekking gekom dat die gebruiksfrekwensie van VOORNAAMWOORDELIKE ANAFORIEK die hoogste is, naamlik 54,86% van die totale aantal kere wat anaforiek voorgekom het. Behalwe hierdie 54,86% is daar ook gevind dat die ONBEPAAALDE VOORNAAMWOORDE *hy*, *hy* en *hulle* in 6,53% van die gevalle waar voornaamwoorde voorgekom het, gebruik is om na ongespesifiseerde referente te verwys. Laasgenoemde 6,53% is nie ten opsigte van anaforiek bereken nie aangesien daar van die standpunt uitgegaan is dat 'n anaforiese ketting aangewese is op 'n antesedent wat die referent identifiseer en individualiseer. Hierdie ongespesifiseerde referent kan veronderstel word, maar daar is geen eksplisiete identifikasie daarvan nie.

Ponelis (1979:56) wys daarop dat die belangrikste semantiese kenmerke waaromheen die stelsel van persoonlike voornaamwoorde gestruktureer is, dié van *persoon*, *getal* en *genus/geeslag* is. Ten opsigte van *persoon* wys hy daarop dat die eerste en tweede persoon verwys na die 'eintlike' deelnemers aan die gesprek. Die gesprek word gekonstitueer deur 'n spreker (eerste persoon:*ek*) en 'n aangesprokene (tweede persoon:*hy*). Die voornaamwoord *hy* verwys egter nie sonder meer

anafories na 'n referent wat die aangesprokene in 'n gespreksituasie is nie. Die voornaamwoord *jy* word ook gebruik om na 'n onbepaalde referent te verwys, byvoorbeeld:

104 Die grasse was so gewees, lat as *jy* hier in hierdie wêreld woon, dan vat die gras *jou* só (1)

105 *Jy* mag nie meer gaan sonder pas nie, vir werk moet *jy* ingeboek wees, dit kos min of daar word op *jou* geskiet (H.d.B.:109).

Ponelis (1979:57) wys daarop dat:

"Twee onderskeide wat betrekking het op derdepersoonsvoornaamwoorde is lewend teenoor nie-lewend en manlik teenoor vroulik."

Die anaforiese voornaamwoorde *dit* en *hy* staan in skerp konkurrensie waar *hy* die oorhand oor *dit* kry, soos blyk uit die ondersoek. Die voornaamwoord *dit* staan in verband met "nie-lewendheid" terwyl die persoonlike voornaamwoord *hy* verwys na lewende referente. Alhoewel *dit* met nie-lewendheid verbind, geld die omgekeerde nie, aangesien *dit* deur *hy* verdring word. In die ondersoekte gevalle is gevind dat daar in gesproke substandaardafrikaans 'n algehele verdringing van *dit* deur *hy* is terwyl *hy* naas *dit* in die ondersoekte teksverband voorkom. Die stylvlak van geskrewe taal is meer formeel as dié van gesproke taal; daarom vind taalverandering eers in die gesproke taal plaas voordat dit deurdring na die geskrewe taal. In hierdie opsig is die anaforiek in *Houd-den-Bek* en *Die swerfjare van Poppie Non-gena* dus nie 'n getroue weergawe van gesproke substandaard-

afrikaans nie. Die volgende voorbeelde is onder andere in gesproke substandaardafrikaans waargeneem:

106	droogte	-	hy
	meubelslorrie	-	hy
	Skeerberg	-	hy
	Sishen	-	hy
	my kaart	-	hom
	weerlig	-	hy
	blad vleis	-	hom
	daai dag	-	hom.

Die voornaamwoorde *hy* en *sy* word in die geval van mens en dier gebruik om natuurlike geslag aan te dui. Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat in gesproke substandaardafrikaans waar die persoonlike voornaamwoorde *hy* of *sy* anafories gebruik word, dit nie sonder meer 'n aanduiding is van die geslag van die referent nie. Gevalle is waargeneem waar die anafoor *hy* met die semantiese kenmerk [+ manlik], gebruik is om ná 'n vroulike referent te verwys, byvoorbeeld:

107 *Toe hardloop *my ma_i* daar van huis af, toe sê *hy_i* daar brand my kind en kom *hy_i* (4)


108 *Ek sê ek is 'n *Rousseau-vrcu_i* wat ek getrou het. Ja. *Hy_i's* ok 'n Griekwa. *Hy_i* kom uit die Kaap uit (3)

109 * 'n *meisiekind_i* dat *hy_i* nou groot is. Ja mies. *Hy_i's* nou hiervandaan af is *hy_i* Kimberley toe, toe sê *hy_i* ek soek bietjie werk in die dorpe (3).

Hierdie onreëlmatigheid is egter nie in substandaardafri-

kaans in teksverband waargeneem nie.

Ten opsigte van die sogenaamde "BESITLIKE VORM", wat 10,10% van die totale aantal waargenome gevalle van anaforiek vorm, word van die standpunt uitgegaan dat hierdie vorm soos volg afgelei word:




In hierdie struktuur kom daar dus twee naamwoorde voor waarvan die eerste naamwoord ONDERSKEIDING tot gevolg het, byvoorbeeld: *Galant/Nicolaas/se ma*.

Die eerste gedeelte van die naamwoordstuk van die "besitlike vorm" is koreferensieel met 'n ander naamwoordstuk, maar as eenheid beskou, is die eenheid koreferensieel met 'n volgende naamwoordstuk, dus:

111 Galant sy ma Lys
 Galant_i sy_i
 (sy ma)_j .. Lys_j.

Op grond van die belangrike onderskeidingsfunksie wat die eerste gedeelte van die naamwoordstuk vervul, sal in hierdie studie na die sogenaamde "besitlike" vorm as die SE-VORM verwys word.

In gesproke substandaardafrikaans is gevalle gevind waar die se-vorm weergegee word deur 'n *voornaamwoord* + *se* + *naamwoord*, dus:



Die volgende gevalle is onder andere waargeneem:

113	Hulle	se	veld	(1)
	my	se	seun	(6)
	hy	se	pa	(6)

ons *se* gesag (6)
hulle *se* gaatjie (8).

Hierdie afwykings is nie in substandaardafrikaans in teksverband waargeneem nie.

Die gebruiksfrekwensie van voornaamwoordelike anaforiek is die hoogste aangesien die antesedent hierdeur "byderhand" gehou word sonder om die leksikale naamwoordstuk of eienaam telkens te herhaal.

Hierdeur word redundansie ook uitgeskakel en word duidelikeid in die hand gewerk. Die persepsie van die mens is van so 'n aard dat binne 'n beperkte afstand, die antesedent vervang kan word deur die verkorte voornaamwoordelike vorm sonder dat daar verwarring ontstaan aangaande die identiteit van die referent. Antesedentherhaling moet egter duidelikeidshalwe met gereelde tussenposes geskied. In *Houd-den-Bek* word die referent telkens geïdentifiseer deur die antesedent bo-aan elke hoofstuk te plaas. Die anafoor *ek* word dan hoofsaaklik verder in die afdeling gebruik om na dié bepaalde referent te verwys. Dit is egter in hierdie werk soms nodig om na die aanvang van 'n hoofstuk terug te gaan ten einde die referent vas te stel, maar hierdie probleem is meestal oorkom deur antesedentherhaling, in 'n gespreksvorm, binne elke afdeling.

Antesedentherhaling binne 'n enkele sin is soms in substandaardafrikaans aangetref en dan is dit om bepaalde redes te doen. In die volgende voorbeelde is nadruk verkry deur antesedentherhaling:

114 *Hy wil hê *die blankes* hier bly, dan moet *die blankes* uittrek, hy moet kom inbly (6)

115 As *die Here* wil lat jy gaan, sal jy gaan, as *die Here* wil lat jy bly, sal jy bly, dwaal dit deur haar kop (P.N.:276).

Binne hierdie studiegebied is gevind dat die gebruiksfrekwensie van die betreklike voornaamwoord ten opsigte van voornaamwoordelike anaforiek 6,86% is. Daar is gevind dat in *Houd-den-Bek* en *Die swerfjare van Poppie Nongena* netjies uitgewerkte, grammaties korrekte betreklike konstruksies gebruik is, maar in gesproke substandaardafrikaans is die betreklike voornaamwoord dikwels foutief gebruik, byvoorbeeld:

116 *Ek is op die pad, ek wil klaarmaak *wat* ek wil
ek wil weer stoot (4)
(*Wat* in plaas van *want*)

117a *Hy groet hom vir die *wat* hy weggegaan het (8)
(*Wat* in plaas van *omdat*).

Hierdie sin kan ook as volg geïnterpreteer word:

-2

117b Hy groet hom vir *die rede*_i *wat*_i hy weggegaan het.

Indien die sin op hierdie wyse geïnterpreteer word, ontbreek die antesedent, *die rede*, van die anafoor, *wat*, in voorbeeld 117a dus. Die BETREKLIKE BYSIN is dan wel 'n stelling oor die antesedent, maar die sin is onaanvaarbaar omdat die antesedent ontbreek.

- 119 *Want daar het *die mense_i* vroe in die môre toe hoor hulle en *wat_a* die ou vrou opstaan// en dan hoor dis mos *my kind se stem_j*; *wat_j* hier aankom (7).

In die tweede gedeelte van hierdie sin is die betreklike bysin 'n uitbreiding van die naamwoordstuk *my kind se stem* en is die naamwoordstuk en die betreklike voornaamwoord koreferensieel.

Die belangrike rol wat verwysing en konteks by anaforiek speel, kom ook by die bestudering van die betreklike konstruksie aan die lig. Daar is sinne waargeneem waar die antesedent van die betreklike voornaamwoord ontbreek en dit slegs bepaalbaar was deur kennis van die konteks te dra waarin die sin voorkom, byvoorbeeld:

- 120 En nog *wat_i* ek toe afgeval het van die lorrie af, van die bale af, en die ribbetjie van my gebreek het, die regterkant (4)
ONTBREKENDE ANTESEDENT = *die keer* (Ek onthou nog van *die keer*).

Sonder kennis van die konteks sal onderstaande sin 'n oortreding van Kuno se eerste beperking (vergelyk in hierdie verband afdeling 2.5) op pronominalisasie wees, naamlik:

"Terugwerkende pronominalisasie is slegs moontlik wanneer die regterkantste van die twee koreferensiële naamwoordstukke ou, voorspelbare inligting bevat."

- 121 Baas nee ek kan *hom_i* onthou nog *wat_i*, die grootmense darem ok nou gepraat het van *hom_i* van *daai droogte_i*.
ANTESEDENT = *daai droogte*.

Hier gaan nie slegs twee persoonlike voornaamwoorde nie, maar ook 'n betreklike konstruksie die antesedent vooraf. In isolasie beskou, bevat die antesedent nie ou, voorspelbare inligting nie en is dit gevolglik 'n oortreding van Kuno se eerste beperking op pronominalisasie. Uit die konteks blyk dit egter dat dié spesifieke droogte vroeër al ter sprake gekom het.

In die volgende voorbeeld uit gesproke substandaardafrikaans word nadruk verkry deur herhaling van koreferensiële naamwoordstukke en betreklike voornaamwoorde:

- 122 *Die blad vleis_i wat_i* daar gegooi daar gegooi is teen die muur, dis *die blad vleis_i wat_i* die baas nou vir my kom gee (2).

In gesproke substandaardafrikaans is gevind dat die reël ten opsigte van die wegbeweeg van die beperkende betreklike bysin na regs, soms oortree word, soos byvoorbeeld in:

- 123 **Daardie voortyd_i* sal weer inkom, *wat_i* ons gehad het (1).

Hierdie sin is 'n beperkende betreklike bysin met die kop-N/antesedent *daardie voortyd* en die beperkende bysin *wat ons gehad het*. Deur ekstraposisie kan die antesedent en beperkende bysin redelik ver van mekaar geplaas word, maar

indien die bywoordelike bepaling tussen die antesedent en bysin beklemtoon word, soos in bostaande voorbeeld, is die sin ongrammatikaal as gevolg van die uitmekaarskuif daarvan. Die rema, wat die hoogsbeklemtoonde element is, word in die posisie naaste aan die sinseinde geplaas. Bostaande voorbeeld toon dat die beperkende betreklike bysin deel is van die inligtingstruktuur van die sin in sy geheel en nie 'n eie tema-remastruktuur het nie.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar in sowel *Houd-den-Bek* as *Die swerfjare van Poppie Nongena* geen sintaktieswaarneembare verskille tussen die beperkende en uitbreidende betreklike bysinne bestaan nie. In beide gevalle is daar nie van die komma as onderskeidingsmiddel tussen hierdie twee tipes bysinne gebruik gemaak nie. Dit is aan die leser oorgelaat om te besluit of 'n betreklike bysin uitbreidend of beperkend is.

Vanuit die funksionele standpunt gesien, is daar in gesproke substandaardafrikaans 'n duidelik waarneembare onderskeid tussen die uitbreidende en beperkende betreklike bysinne. Hierdie onderskeid word gegrond op die verskil in klempatroon tussen dié twee tipes betreklike bysinne. Soos reeds genoem, kan slegs een element in 'n sin die hoofklem dra. Indien 'n sin dus 'n betreklike bysin bevat en daar in die totale sin slegs een element voorkom wat hoofklem dra, is die betreklike bysin 'n beperkende betreklike bysin. Hierdie tipe sin is 'n afhanklike sin en is deel van die inligtingstruktuur van die totale sin, byvoorbeeld:

124 Toe kom hy terug, en toe kom verdrink by toe hier op 'n plek wat hulle sê *Aqterkop* (1).

In hierdie voorbeeld kom die rema van die totale sin in die beperkende betreklike bysin voor en het laasgenoemde nie 'n eie tema-remas-struktuur nie.

Gevalle is waargeneem waar meer as een element in 'n sin, bevattende 'n betreklike bysin, beklemtoon is. Die klempatroon dui dus twee onafhanklike sinne aan. In hierdie geval het die betreklike bysin sy eie tema-remas-struktuur en vorm dit nie deel van die totale inligtingstruktuur van die sin nie. Indien die klempatroon twee onafhanklike sinne aandui, is die betreklike bysin 'n uitbreidende betreklike bysin, soos byvoorbeeld:

125 My baas, vroeër teen daai jare *wat my oupa nog gelewe het*, toe was dit mos nou maar nog net Skeerberg (1).

Die verspreiding van beperkende en uitbreidende betreklike bysinne in gesproke substandaardafrikaans is min of meer gelykop. Enkele uitsonderlike gevalle is ook waargeneem waar geen klem in 'n sin voorgekom het nie en dit dus onmoontlik was om op grond van die klempatroon aan te dui of die betreklike bysin uitbreidend of beperkend is.

4.3.2 BYWOORDELIKE ANAFORIEK

Uit die ondersoek het dit geblyk dat bywoordelike anaforiek 'n belangrike aspek van substandaardafrikaans vorm, sowel in die gesproke taal as in teksverband. BYWOORDELIKE ANAFORIEK vorm 17,43% van die totale aantal anaforiese verwysings.

Bywoordelike anafories word om verskeie redes gebruik, byvoorbeeld vir:

- tydsverplasing
- ruimtelike verplasing
- nadruk.

Combrink (1981:91) wys daarop dat die deiktiese sentrum, dit wil sê die posisie van die spreker, die primêre punt is waardeur die uiting aan die buitetalige werklikheid veranker word. Die spreker bevind hom egter nie altyd ten tye van die uiting in ruimte en tyd op plek en tydstip waarna die uiting verwys nie.

Daar is gevind dat, veral in gesproke substandaardafrikaans, die handelingsmoment eers in tyd geplaas word. Hiervoor word die woord *toe* telkens gebruik, byvoorbeeld:

126 Jy't vir Grootrivier enige plek deurgegaan, maar in '34 *toe* kan my baas darem sien hoe lyk die dun riviertjie dat hy *nou* vol is (1).

Na historiese tydsoriëntasie word die handelingsmoment verplaas na die hede, deur gebruik van *nou* tesame met die teenwoordige tyd. Die temporele deiktiese sentrum word aangedui met *nou*.

Soms is die woordorde omgeruil met eers *nou* en daarna *toe*. Die veranderde woordorde het klaarblyklik geen effek op die resultaat nie.

127 Baas nee, dit is *nou toe* ek was nog klein gewees
(4)

128 *Nou* daai aand *toe* (7).

Tesame met tydsverplasing, vind ook dikwels ruimtelike verplasing plaas, byvoorbeeld:

129 Weer mōre se dae maak ek *nou hier* klaar, *dan* gaan ek *nou* weer *hier* na baas Attie se plaas (1).

Hier is een van die vernaamste Afrikaanse woorde waardeur die ruimtelike deiktiese sentrum aangedui word. In laasgenoemde voorbeeld dui die eerste *hier*, 'in die nabyheid van die spreker' aan, dit wil sê die WERKLIKE DEIKTIESE SENTRUM. Deur gebruik van *dan* vind tydsoriëntasie plaas en word die temporele deiktiese sentrum verplaas na die hede, *nou*, tesame met 'n ruimtelike verplasing, aangedui deur die tweede *hier* in die voorbeeld.

Ten opsigte van bywoordelike anaforiek moet die volgende dus in gedagte gehou word:

- posisie van die spreker op die tydstip van die uiting = P(S TU)
- posisie van die spreker op die tydstip waarna die uiting verwys = P(S TV)
(Geskematiseer volgens Combrink, 1981:90).

Dit blyk dat bywoordelike anaforiek 'n nadruksmiddel in sub=

standaardafrikaans is, soos gesien uit die volgende voorbeeld:

130a Ek is *daar* op 'n plek gebore wat sê Etim, *daar dus-*
kant Griekwastad (1).

Hierdie sin bevat heelwat meer nadruk as wat dit sonder bywoordelike anaforiek sou hê:

130b Ek is op 'n plek gebore wat sê Etim, duskant Griekwastad.

In substandaardafrikaans speel bywoordelike anaforiek 'n belangrike rol aangesien dit aangewend word as middel, veral by die verteltegniek, tot verplasing van die mens na die moment van gebeure. Hierdeur verkry die vertelling meer nadruk.

4.3.3 NAAMWOORDELIKE ANAFORIEK

Naamwoordelike anaforiek, waaronder ook terugwerkende anaforiek en epiteta bereken is, vorm 'n baie klein gedeelte van anaforiek in substandaardafrikaans, naamlik 3,71%.

Uit die ondersoek blyk dit dat die beginsel van "nuwe inligting eerste" in substandaardafrikaans wel geld, aangesien die antesedent, waarvan die Kommunikatiewe Dinamiek (vergelijk afdeling 2.5) hoër is as dié van die anafoor, slegs 2,45% van die ondersoekte gevalle deur die anafoor voorafgegaan is. Die skrywer of spreker maak dikwels van

terugwerkende anaforiek/kataforiek gebruik om bepaalde re=des, byvoorbeeld:

131a Ons het nou al die jare maar net blankes gehad, maar nou hierdie keer het ons 'n *h nie-blanke_i* *h Julius_i, dominee Julius_i*. *Hy_i* is 'n Kleurling (6).

In hierdie voorbeeld kom kataforiek sowel as anaforiek voor en kan soos volg skematies voorgestel word:

131b	KATAFORIEK			ANA=
			DOMINEE JULIUS _i	FORIEK
	<i>h nie-blanke_i</i>	+ <i>h Julius_i</i>	+ <i>hy_i</i>	
	ANAFOOR	ANAFOOR	ANTESEDENT	ANAFOOR

Dominee Julius is die antesedent en word voorafgegaan deur die anafore, *h nie-blanke* en *h Julius*. In hierdie opsig is hierdie sin 'n voorbeeld van kataforiek. Die antesedent *dominee Julius* word egter ook gevolg deur die anafoor *hy* wat dit dan 'n voorbeeld van anaforiek maak.

In die gesprek stel die spreker dit duidelik dat hy nie as Kleurling geklassifiseer wil wees nie en sy ongeneentheid met die nuwe kleurlingpredikant word beklemtoon deur van terugwerkende anaforiek gebruik te maak. Binne hierdie anaforiese verband is daar ook 'n verloop van onbepaald na bepaald waardeur die spreker se ongeneentheid verder beklemtoon word.

131c *h nie-blanke* *h Julius, dominee Julius*.

In die volgende voorbeeld word spanning verwek deur van terugwerkende anaforiek gebruik te maak:

- 132 In die holte van die nag het ons *dit_i* skielik gelyk gehoor: *die ding_i wat_i* ver in die nag sê: Tha-tha-tha. Jy kon nie *sy_i* rigting kry nie, jy kon nie sê of *hy_i* kom of *—_i* gaan nie. Maar gehoor het jy *hom_i*. Dit was die *thasjakkals_i* (H.d.B.:137)
ANTESEDENT = *thasjakkals*.

Dit is ook in substandaardafrikaans die geval dat daar eers gestel word waarvan gepraat gaan word voordat daaroor gepraat word, soos blyk uit die geringe voorkoms van kataforiek.

4.3.4 EPITETA

In die ondersoekte gedeeltes was epiteta meestal afwesig. Slegs 0,29% van die gevalle waar anaforiek voorgekom het, is van epiteta gebruik gemaak. In *Houd-den-Bek* is die meeste gevalle van epiteta gevind. Die voorkoms van epiteta hang nou saam met die onderwerp onder bespreking aangesien emosies 'n neerslag in die taal vind, soos uit die volgende voorbeelde blyk:

- Simpatieke geneentheid teenoor 'n kind*
133 *Die saggatjie*, met die troebel blou oë en die ligterige hare wat kroes (H.d.B.:288)
- Medelye*
134 Wat weet *dié arme malmens* nou ook van reg en verkeerd? (H.d.B.:135)


Minagting

135 Sy't heelpad saamgekom, *h trotse bondel_i wat_i* sit en skud met die stamperigheid van die wa saam (H.d.B: 46).

In voorbeeld 135 is die anafoor, *h trotse bondel*, ter sprake. Die negatiewe effek lê in die paradoks *trotse* teenoor *bondel*.

Gevalle is waargeneem waar een van die semantiese kenmerke van 'n naamwoord verhef is tot epiteton, soos in die volgende voorbeeld:

136 Ek staan my nog en verlag aan die manne in die boompie, toe dreun dit weer in die boskasie en hier kom *die leeu_i. Swart maanhaar_i*. Kop onderstebo (H.d.B.:38)



4.3.5 TIPE-ANAFORIEK

In die ondersoekte gedeeltes vorm die gebruiksfrekwensie van tipe-anaforiek 2,63% ten opsigte van anaforiek en toon 'n redelike eweredige verspreiding tussen teks en gesproke substandaardafrikaans. Voorbeelde van tipe-anaforiek is gevind in ooreenstemming met Partee (1972:415-437) se onderskeid tussen identiese naamwoordstukke wat referensieel, maar nie koreferensieel is nie. Hier word die tipe-anafo=

riese ketting gevorm deur 'n reeks identieke substantiewe of substandtiefgroepe, byvoorbeeld:

- 137 My baas, wragtig, *vandag se witmense*, ek hoor daar is *witmense wat kwaai is*, maar daar is nie *wit=mense wat kwaai is nie* daai tyd was 'n bietjie gebukkend gewees my baas *Daai wit=mense* het nou nie met 'n Hotnot saamgestaan as jy vloek en tekere gaan nie(1).

In die meeste gevalle is die herhaling van identieke naamwoordstukke egter voorkom deur ellips van die tipe-anafoor, nulanaforiek of deur pro-substantivering, soos in die volgende voorbeelde:

- 138 Ons het hom begrawe *in die doodkis_i wat_i* van ons troudag af op die solder gestaan en wag het op Piet se wederstrewige liggaam; nou sal hy 'n ander —_j van node hê, 'n *kleinere_k* (H.d.B.:46)
- 139 Kyk nou 'n 'n *boksie vuurhoutjies_i*. *Hulle_j* is nie eens meer *daai voortydse ou bokse_k wat_k ons* altyd gekry het. *Hulle_j* is plat klein *dingetjies_m* en *hy_n* is nie meer selle nie (1).

Deur identieke naamwoordstukke nie telkens te herhaal nie, word redundansie voorkom en duidelikheid in die hand gewerk. In die sin

- 140a Ek weet toe daar's *die pad wat uitdraai uit die pad* by die tennis court in NY 7. Toe kom die vuurpyle en ons vat *die pad*, maar *die pad* gaan nie na Mama

se huis toe nie

is dit later nie duidelik na watter referent verwys word nie. Deur pro-substantivering kan onduidelikheid uit die weg geruim word, byvoorbeeld:

140b Ek weet toe daar's *die pad_i wat_i* uitdraai uit *die een* by die tennis court in NY 7. Toe kom die vuurpyle en ons vat *daardie een_i*, maar *hy_i* gaan nie na Mama se huis toe nie.

4.3.6 NULANAFORIEK

In die ondersoekte gedeelte het nulanaforiek in 3,74% van die gevalle waar anaforiese verwysing ter sprake was, voor= gekom met 'n redelike eweredige verspreiding tussen teks en gesproke substandaardafrikaans. Nulanaforiek as gevolg van identieke naamwoordstukskrapping, nominaalkonstruksies en infinitiefsinne soos bespreek in afdeling 3.2.3 het voor= gekom. Die volgende is 'n voorbeeld van 'n infinitiefsin:

141 Ek het 'n brul gegee en 'n sekel gegryp *om onder hulle te begin maai* (H.d.B.:394).

In onderstaande voorbeeld word die ontbrekende elemente wat in die onderbou (dit wil sê die onderliggende vorm waaruit die fonologies- of leksikaalgerealiseerde vorms, die bobou, afgelei is) aanwesig is, in vierkantige hakies aangedui.

Dikwels kom ellips van 'n werkwoord saam met nulanaforiek voor, byvoorbeeld:

142 Julle is nou ander soort mense, sê die ou manne,
[Julle is] nuwe mense (P.N.:49)

143 Storie op storie trek oor ons verby, ons in ons karos
in die skemerte van *Ma-Roos se pondok*, — swaar
van die rook (H.d.B.:42)

ONDERBOU:
[\emptyset swaar \emptyset van die rook
 \emptyset \emptyset
die *pondok* \emptyset is swaar van die rook.]

Deur middel van nulanaforiek word herhaling en redundansie bekamp. Identieke naamwoordstukskrapping is 'n middel waar= deur nadruk bewerkstellig word.

4.3.7 ONTBREKENDE ANTESEDENT

In substandaardafrikaans is gevalle waargeneem waar anteseden= dente ontbreek, byvoorbeeld:

144 Ek kom vat die vleis. — Pak die vleis in. Hy sê
vir my kom vat die vleis (2)

145 — Kom daar. — Tel die baas op (2).

Selfs binne konteks beskou, is dit nie altyd moontlik om te bepaal of die ontbrekende antesedent slegs die spreker, 'n ander persoon óf die spreker en andere as referent het nie.

'n Moontlike verklaring vir ontbrekende antesedente, kan wees

dat die spreker vinnige handeling daardeur wil beklemtoon,
soos in bostaande voorbeelde en ook in die volgende:

146 — Skoffel daar in die tuin. Werk ek *gou-gou* daar
in die tuin (2).

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING

In onderstaande tabel word die gebruiksfrekwensie van die verskillende soorte anaforiek in substandaardafrikaans, soos blyk uit die ondersoek, saamgevat. Die persentasies is bereken ten opsigte van die totale aantal anaforiese verwysings.

voornaamwoordelike anaforiek	54,86%
bywoordelike anaforiek	17,43%
se-vorme	10,10%
nulanaforiek	3,74%
naamwoordelike anaforiek	3,71%
tipe-anaforiek	2,63%
terugwerkende anaforiek	2,45%
epiteta	0,29%
Δ betreklike voornaamwoorde	6,86%
Δ onbepaalde voornaamwoorde	6,53%

In anaforiese verband word die antesedent en anafoor onderskei wat na 'n saak buite hulself, die referent, verwys. Dit is in teenstelling met die vroeëre transformasionele siening waarvolgens die anafoor na sy antesedent verwys. Die funksie van die antesedent is om die referent te identifiseer en te individualiseer. Om aan hierdie onderskeidingsfunksie te voldoen, moet die inligtingsinhoud van die antesedent dus hoog wees. Op grond hiervan is tot die gevolgtrekking gekom dat VOORNAAMWOORDE NIE AS ANTESEDEENTE KAN OPTREE NIE, aangesien hulle inligtingsinhoud te laag is om die antesedent voldoende te kan identifiseer en individualiseer om onderskeiding tot gevolg te hê. Waar voornaamwoorde voorkom, is 'n

Δ Slegs bereken ten opsigte van voornaamwoordelike anaforiek.

volgende stap, naamlik die herleiding van die voornaamwoord tot 'n eienaam of leksikale naamwoordstuk nodig ten einde onderskeiding van die referent tot gevolg te hê.

Aangesien alle antesedente nie ewe doeltreffend is ten opsigte van die identifikasie en individualisasie van referente nie, word 'n ANTESEDENTIËRARGIE veronderstel. 'n Antesedent bestaande uit 'n eienaam, direk gekombineer met 'n leksikale naamwoordstuk, verskyn die hoogste op die antesedentiërargie aangesien dit die doeltreffendste identifikasie en individualisasie van die referent verskaf.

ONBEPAALE VOORNAAMWOORDE wat 6,53% van voornaamwoordelike anaforiek vorm, is in hierdie studie buite rekening gelaat aangesien daar nie sprake is van 'n duidelik geïdentifiseerde en geïndividualiseerde referent nie, en 'n anaforiese ketting aangewese is op 'n referent.

By die bestudering van anaforiek in substandaardafrikaans, word die belangrikheid van die bestudering van TAAL IN KONTEKS beklemtoon. Verwysing is situasiegebonde en sonder kennis van die konteks, waarin 'n uiting voorkom, is die korrekte identifikasie van referente onmoontlik. Waar die depersoonsvoornaamwoorde *hy*, *sy* en *dit* die referent gedeeltelik identifiseer ten opsigte van *geslag* en *lewend/nie-lewend*, is gevind dat hierdie inligting onbetroubaar is indien kennis van die konteks waarin die uiting/sin voorkom, ontbreek. In gesproke substandaardafrikaans is gevind dat hierdie semantiese kenmerke dikwels geïgnoreer word en verwysing dus nie op grond hiervan bepaalbaar is nie. *Hy* in plaas van *sy* word byvoorbeeld dikwels gebruik om na vroulike referente te verwys. *Dit* is in 'n groot mate deur *hy* verdring. Die voornaamwoord *hy* word ook dikwels as onbepaalde voornaamwoord gebruik in plaas daarvan om die hoorder in die gespreksituasie

aan te dui.

Terugwerkende anaforiek kan gebruik word indien die konteks waarin die uiting voorkom bekend is. Indien die regterkantste van twee koreferensiële naamwoordstukke ou, voorspelbare inligting bevat, dit wil sê inligting wat uit die konteks bekend is, is terugwerkende anaforiek moontlik. Die hoorder is dan bekend met die saak waarna die anaforiese voorname-woorde verwys. 'n Uitsondering op hierdie reël en dus ook op Kuno se eerste beperking ten opsigte van terugwerkende anaforiek (Kuno, 1972:6) is waar spanning deur middel van die gebruik van terugwerkende anaforiek bewerkstellig wil word en die onbekende inligting laaste verskaf word.

Uit die ondersoek het die belangrike rol wat VERWYSING by anaforiek speel, geblyk. Die antesedent en anafoor kan referensieel wees, maar hoef nie noodwendig koreferensieel te wees nie. In hierdie verband word daar onderskei tussen tipe- en tekenanaforiek. In substandaardafrikaans kom tipeanaforiek, waar die antesedent en anafoor slegs referensieel is, minder dikwels voor (slegs 2,63%) as tekenanaforiek. In die algemene taalgebruik kom koreferensie meer dikwels na vore as wat na verskillende eksemplare van dieselfde tipe saak verwys word.

Verwysing is 'n semantiese proses en is situasiegebonde. Daar word egter van referensiële merkers gebruik gemaak om verwysing sintakties te kodeer.

Soos uit die voorafgaande tabel blyk, is TERUGWERKENDE ANAFORIEK slegs in 2,45% van die totale aantal anaforiese verwysings gebruik, wat daarop dui dat nuwe inligting eerste verskaf word deurdat die antesedent vooropgestel word. Terugwerkende anaforiek is dikwels gebruik om 'n bepaalde effek te verkry,

byvoorbeeld om spanning te verwek.

EPITETA het die laagste gebruiksfrekwensie in die ondersoek getoon, naamlik 0.29%. Hierdie feit kan daaraan toegeskryf word dat epiteta gewoonlik met emosionele uitinge gepaard gaan en nie so dikwels in normale geselstrant aangetref word nie. Daar is gevind dat epiteta nie geskik is om as antesedente op te tree nie aangesien referente nie hierdeur geïdentifiseer en geïndividualiseer kan word nie. Epiteta verskaf wel meer inligting aangaande die referent as voorname woorde waarmee daar aangesluit word by Ponelis (1979:578) se anafoorskaal.

NULANAFORIEK wat 3,74% van die anaforiese verwysings vorm, is gebruik om herhalings en redundansie uit te skakel. In hierdie verband is identieke naamwoordstukskrapping, nominaalkonstruksies en infinitiefsinne waargeneem. Ellips van 'n werkwoord is dikwels saam met 'n nulanafoor waargeneem. Deur die sinvolle vermindering van sinstukke word die verstaanbaarheidgraad van sinne verhoog.

Enkele gevalle van ONTBREKENDE ANTESEDENTE is waargeneem. Alhoewel sinstukke ook hierdeur verminder is, is die verstaanbaarheidgraad van sinne nie altyd hierdeur verhoog nie. Twyfel oor die identiteit van die ontbrekende referent bestaan soms en is nie bo alle twyfel uit die konteks afleibaar nie.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat daar 'n duidelik waarneembare verskil bestaan tussen die gebruik van die BETREKLIKE BYSIN in teksverband en in gesproke substandaardafrikaans. Op grond daarvan dat die betreklike bysin 'n uitbreiding moet wees van die kop-naamwoordstuk/antesedent, is talle ongram-

matikale betreklike bysinne in gesproke substandaardafrikaans aangetref wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Soms is die betreklike voornaamwoord in 'n onaanvaarbare verband aangetref. Hierdie afwykings is nêrens in teksverband waargeneem nie, wat daarop dui dat 'n meer formele styl in die teks gehandhaaf word as in die gesproke taal. Hierdie afwyking kan ook die gevolg daarvan wees dat, ten opsigte van betreklike voornaamwoorde en betreklike bysinne, die anaforiek van die skrywers weergegee word en nie die substandaardvorme soos wat dit in werklikheid voorkom nie.

Daar is gevind dat die beperkende en uitbreidende betreklike bysinne binne teksverband sintakties nie onderskeibaar is nie aangesien die komma as onderskeidingsmiddel, nie gebruik is nie. In gesproke substandaardafrikaans was 'n onderskeid tussen hierdie tipes betreklike bysinne meestal moontlik op grond van die klempatroon van die sin.

Uit die voorafgaande tabel blyk dit duidelik dat VOORNAAMWOORDELIKE ANAFORIEK die gebruiklikste vorm van anaforiek is. Ten einde die referent vas te stel waarna 'n voornaamwoordelike anafoor verwys, is kennis van die konteks waarin 'n uiting voorkom noodsaaklik. In hierdie verband speel deiksis ook 'n belangrike rol by die identifikasie van die referent. Daar kan nie sonder meer aanvaar word dat voornaamwoorde koreferensieel is met voorafgaande naamwoordstukke nie alvorens die konteks en die moontlikheid van deiktiese identifikasie van die referent in ag geneem is nie.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit verkieslik is om die sogenaamde "besitlike vorm" te verwys as die "SE-VORM" aangesien daar 'n se-vorm onderliggend is aan die besitlike vorm. Die se-vorm bestaan uit 'n naamwoordstuk + se + naamwoordstuk en die eerste naamwoordstuk vervul die onderskei-

dingsfunksie ten opsigte van die "eienaar". In gesproke substandaardafrikaans is die se-vorm as sulks aangetref, maar dit het nie in teksverband voorgekom nie.

BYWOORDELIKE ANAFORJIEK is 'n belangrike aspek van anaforiek in substandaardafrikaans en vorm 17,43% van die totale aantal anaforiese verwysings. Bywoordelike anaforiek is 'n belangrike nadruksmiddel en word ook gebruik om die spreker en hoorder te verplaas na die tyd en ruimte van die handelingsmoment van die vertelling.

Daar is gevind dat ANAFORIESE EILANDE onaanvaarbaar is aangesien dit onaanvaarbaar is vir die persepsie van die mens dat daar deur middel van voornaamwoorde na elemente in konstruksies verwys word. Anaforiese eilande kom voor as gevolg van slordige taalgebruik.

Anaforiek is in sy geheel 'n REDUKSIEVERSKYNSEL en kan sinvol verantwoord word binne die funksionele raamwerk. In taalgebruik is daar geen konstante herhaling van identieke naamwoordstukke nie, waardeur repetiwiteit en redundansie voorkom word. Die herhaling van identieke naamwoordstukke kan voorkom word deur gebruik te maak van:

- voornaamwoorde
- provorme
- ander leksikale naamwoordstukke
- betreklike voornaamwoorde
- bywoorde of
- nulanafore.

Deur sinvolle reduksie word die verstaanbaarheidsgraad van sinne/uitings verhoog.

Bepaalde sintaktiese reëls geld vir die prosesse waardeur herhaling van identieke naamwoordstukke voorkom word. Die bestaan van hierdie sintaktiese reëls is noodsaaklik vir die sinvolle ordening van taalelemente. Die kognitiewe vermoë van die mens lê egter die sintaktiese reëls ten grondslag sodat 'n natuurlike verklaring vir bestaande sintaktiese reëls gevind kan word. In hierdie verband word aangesluit by Kuno (1972b) se siening aangaande natuurlike verklarings vir sintaktiese prosesse, soos vroeër in die teks uiteengesit.

Daar is spesifiek besluit op die bestudering van SUBSTANDAARD=AFRIKAANS binne TEKSVERBAND en in GESPROKE vorm vir hierdie studie sodat taal-in-gebruik bestudeer kon word. Hierdeur is die bestudering van geïdealiseerde vorms in abstraksie, soos aanvanklik deur Chomsky voorgestaan, dus voorkom. Die bydrae van hierdie studie tot die taalkunde lê daarin dat teoretiese aannames aan die hand van die praktyk getoets is. Anaforiek is binne die kommunikatiewe konteks bestudeer. In hierdie verband is hierdie studie dus 'n aanvulling tot Ponelis (1979) en sluit aan by Kuno se navorsingsmetode waarvolgens taal-in-gebruik bestudeer word. Deur anaforiek in diepte na te vors, is antwoorde op sekere van die knelpunte gevind. Hierdie studie kan ook 'n belangrike bydrae lewer aan skrywers wat substandaardafrikaans binne teksverband wil gebruik.

UITTREKSEL

Daar bestaan verskillend uiteenlopende menings oor anaforiek. In hierdie studie is eerstens gelet op die klemverskuiwings wat daar met verloop van tyd in die benadering tot die Algemene Taalwetenskap, en dus ook tot anaforiek plaasgevind het. 'n Literatuurondersoek het aangetoon dat die siening waarvolgens taal as 'n abstraksie bestudeer is, onaanvaarbaar is, aangesien dit slegs 'n weergawe van geïdealiseerde vorms bied. Deur die bestudering van taal-in-gebruik, word taal ondersoek soos wat dit in werklikheid bestaan.

In Afrikaans bestaan daar geen ontleding van anaforiek soos wat dit voorkom in taal-in-gebruik nie. In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat verwysing situasiegebonde is, daarom word anaforiek binne konteks bestudeer. Anaforiese verbande is in die tekste, *Houd-den-Bek* deur André P. Brink en *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert, ontleed, asook in gesproke substandaardafrikaans soos wat dit voorkom in gesprekke wat met Griekwas, hoofsaaklik uit Griekwaland-Wes, gevoer is en op band opgeneem is. Die gebruiksfrekwensie van die verskillende tipes anaforiek word as persentasie bepaal.

In anaforiese verband word 'n antesedent en 'n anafoor onderskei wat beide verwys na 'n saak buite hulself, die referent. Verwysing is basies 'n semantiese proses wat sintakties gekodeer kan word deur middel van referensiële merkers. Anaforiese kettings is aangewese op 'n antesedent waardeur die referent geïdentifiseer en geïndividualiseer moet word. Op grond hiervan word die standpunt ingeneem dat voornaamwoorde nie as antesedente kan optree nie, aangesien hul inligtingsinhoud te laag is om onderskeiding tot gevolg te hê.

Aangesien alle antesedente die referent nie ewe doeltreffend identifiseer en individualiseer nie, word 'n antesedentiër= argie voorgestel.

In verband met verwysing word onderskei tussen referensieel en koreferensieel. Vooruitwerkende en terugwerkende anaforiek word onderskei op grond daarvan of die antesedent die anafoor voorafgaan of volg. Terugwerkende anaforiek vorm 'n baie klein persentasie van anaforiese verwysings en dui daarop dat nuwe inligting eerste verskaf word. Voornaamwoorde=like anaforiek toon die hoogste gebruiksfrekwensie. Voornaamwoorde verwys nie sonder meer na voorafgaande naamwoord=stukke nie. Deiksis en die konteks waarin die uiting voorkom, is in hierdie verband deurslaggewend.

ABSTRACT

There are various and widely divergent ideas on anaphorics. In this study the emphasis was in the first place on the shifts in stress which have occurred in the course of time in the approaches to General Linguistics and therefore also to anaphorics. A study of the relevant literature indicated that the view according to which language is studied as an abstraction is unacceptable, seeing that this only offers a reflection of idealised forms. Through the study of language-in-use language is studied as it exists in reality.

In Afrikaans there is no analysis of anaphorics as it occurs in language-in-use. In this study the point of departure is that reference is situationally bound, therefore anaphorics is studied within a certain context. Anaphoric relations were analysed in the texts *Houd-den-Bek* by André P Brink and *Die swerfjare van Poppie Nongena* by Elsa Joubert, as well as in spoken sub-standard Afrikaans as it occurs in conversations held with Griquas, especially from Griqualand West and taped. The frequency of usage of the various types of anaphoria was determined in terms of percentages.

In an anaphoric link an antecedent and an anaphor are distinguished which both refer to a matter outside themselves, viz. the referent. Reference is basically a semantic process which can be encoded by means of referential markers. Anaphoric chains are dependent on antecedents through which the referent might be identified and individualized. On the basis of this the viewpoint is held that pronouns cannot act as antecedents seeing that their informational content is too void to cause distinction.

Seeing that all antecedents do not identify and individualize the referent equally effectively, it is suggested that a hierarchy of antecedents be established.

With respect to reference there is a distinction between referential and co-referential. Anticipatory and retrociprocal anaphorics can be distinguished on the basis of whether the antecedent precedes the anaphor or succeeds it. Retrociprocal anaphorics forms a very small percentage of anaphoric references and point to the fact that new information is provided first. Pronominal anaphorics reveals the highest frequency of usage. Pronouns do not refer without any further ado to preceding nouns. Deixis and the context within which the utterance occurs are of cardinal importance in this respect.

DANKBETUIGING

Hiermee wil ek my opregte dank en waardering betuig aan:

PROF. H.G.W. DU PLESSIS wat as studieleier opgetree het, vir sy bekwame leiding, goeie gesindheid en opofferings

MEV. A. VAN BILJON vir die tik van die verhandeling

DIE R.G.N. vir 'n beurstoekenning wat dit vir my finansiëel moontlik gemaak het om die studie te onderneem

MY EGGENOOT EN GESIN vir hul samewerking en opofferings.

Susan Prinsloo
POTCHEFSTROOM
Desember 1982

BIBLIOGRAFIE

1. BACH, E. 1970. Problominalization. *Linguistic Inquiry*, 1(1):121-122.
2. BARTSCH, R. 1979. The syntax and semantics of subordinate clause constructions and pronominal coreference. (*In* Heny, F. & Schnelle, H.S., *reds.* Syntax and Semantics 10. Selections from the third Groningen Round Table. New York: Academic Press. p. 23-57.)
3. BLOOMFIELD, L. 1950. *Language*. London: Allen & Unwin.
4. BOLINGER, D. 1972. *That's that*. The Hague: Mouton.
5. BRINK, A.P. 1982. *Houd-den-Bek*. Emmerentia: Taurus.
6. BÜHLER, K. 1934. *Sprachtheorie*. Jena: Fisher.
7. CARSTENS, W.A.M. 1977. Anaforiese eilande in Afrikaans. *Taalfasette*, 22(4):29-57.
8. CHOMSKY, N. 1957. *Syntactic Structures*. The Hague: Mouton. (*Janua Linguarum* nr. 4.)
9. CHOMSKY, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
10. COMBRINK, J. 1981. Kom en gaan. (*In* Sinclair, A.J.L., *red.* Kongresreferate: sewentiende nasionale kongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika te Universiteit van Wes-Kaapland 1981. Bellville. p. 89-102.)
11. DANĚŠ, F. 1974. Functional sentence perspective and the organization of the text. (*In* DanĚš, F., *red.* Papers on functional sentence perspective. Prague: Academia. p. 106-128.)

12. DE KLERK, W.J. 1978. Inleiding tot die semantiek. Durban: Butterworth.
13. DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in Algemene Taalwetenskap. Vertaal deur Lee, A. Pretoria: Van Schaik. (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Publikasiereeks nr. 14.)
14. DE VILLIERS, M. 1975. Die semantiek van Afrikaans. Kaapstad: HAUM.
15. DIK, S.C. & KOUIJ, J.G. 1970. Beginselen van de algemene taalwetenschap. Utrecht: Het Spectrum.
16. DIXON, R.M.W. 1965. What is language? New approach to linguistic description. London: Longmans.
17. DU PLESSIS, H.G.W. 1978. 'n Funktionele benadering tot naamwoordstuk-uitbreiding in Afrikaans. *Taalfasette*, 24(1) : 47-61.
18. DU PLESSIS, H.G.W. 1979a. Die natuurlike verklaring van sintaktiese prosesse. (Lesing gelewer gedurende 1979 as deel van 'n kursus in Algemene Taalwetenskap, RAU. Ongepubliseer.)
19. DU PLESSIS, H.G.W. 1979b. Wat is WAT? 'n Inleidende ondersoek na WAT-verskuiwing in Afrikaans. Johannesburg: RAU-publikasie, B8.
20. GOUS, J.A. 1982. Die wederkerende konstruksie. Pretoria. (Proefskrif (D.Litt. et Phil.) - UNISA.)
21. FIRBAS, J. 1974. Some aspects of the Czechoslovak approach to problems of functional sentence perspective. (In Daneš, F., red. Papers on functional sentence perspective. Prague : Academia. p. 11-37.)

22. GEACH, P.T. 1962. Reference and generality. Ithaca, N.Y. : Cornell University Press.
23. GRINDER, J. & POSTAL, P. 1971. Missing antecedents. *Linguistic Inquiry*, 2(3) : 269-309.
24. HANKAMER, J. & SAG, I.A. 1976. Deep and surface anaphora. *Linguistic Inquiry*, 7(3) : 391-426.
25. HARRIS, Z. 1951. Methods in structural linguistics. Chicago, Ill. : University of Chicago Press.
26. JOUBERT, E. 1978. Die swerfjare van Poppie Nongena. Kaapstad : Tafelberg.
27. KUNO, S. 1971. The position of locatives in existential sentences. *Linguistic Inquiry*, 2(3) : 333-378.
28. KUNO, S. 1972a. Functional sentence perspective : a case study from Japanese and English. *Linguistic Inquiry*, 3(3) : 269-320.
29. KUNO, S. 1972b. Natural explanations for some syntactic universals. (In *Mathematical Linguistics and automatic translation*, Report nr. NSF-28. Cambridge, Mass. : Harvard University. p. 1-74.)
30. KUNO, S. 1976. Subject, theme and the speaker's empathy. New York : Academic Press.
31. LAKOFF, G. 1976. Pronouns and reference. (In McCawley, J.D., red. *Syntax and semantics 7. Notes from the linguistic underground*. New York : Academic Press. p. 333-378.)
32. LAKOFF, G. & ROSS, J.R. 1972. A note on anaphoric islands and causatives. *Linguistic Inquiry*, 3(1) : 121-125.

33. LEECH, G.N. 1975. *Semantics*. Harmondsworth : Penguin.
34. LEES, P.B. & KLIMA, E.S. 1963. Rules for English pronominalization. *Language*, 39 : 17-28.
35. LI, C.N. & THOMPSON, S.A. 1979. Third-person pronouns and zero-anaphora in Chinese discours. (*In* Givón, T., *red.* *Syntax and semantics 12. Discourse and syntax*. New York : Academic Press. p. 311-335.)
36. LOETSCHER, A. 1972. Some problems concerning standard German relative clauses. (*In* *The Chicago which hunt. Papers from the relative clause festival*. Chicago, Ill. : Chicago Linguistic Society. p. 47-57.)
37. LYONS, J. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. London : Cambridge University Press.
38. LYONS, J., *red.* 1973. *New horizons in linguistics*. Harmondsworth : Penguin Books.
39. LYONS, J. 1977. *Semantics 2*. London : Cambridge University Press.
40. LYONS, J. 1979. *Semantics 1*. London : Cambridge University Press.
41. LYONS, J. 1981. *Language and linguistics*. London : Cambridge University Press.
42. \ PARTEE, B.H. 1972. Opacity, coreference and pronouns. (*In* Harman, G. & Davidson, D., *reds.* *Semantics of natural language*. Dordrecht : Reidel. p. 415-437.)
43. \ PONELIS, F.A. 1973. *Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis*. Pretoria : Van Schaik.

44. PONEELIS, F.A. 1976. Voornaamwoorde en anaforiese verbande. (In Ponelis, F.A. & Hubbard, E.H., *samese*. Linguistiek III. Pretoria : UNISA-publikasie. p. 71-92.)
45. PONEELIS, F.A. 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria : Van Schaik.
46. POSTAL, P.M. 1968. Cross-over phenomena. (In Plath, W.J., *red.* Specification and utilization of transformational grammar. Yorktown Heights, N.Y. : IBM Watson Research Center. p. 1-239.)
47. POSTAL, P.M. 1969. Anaphoric islands. (In Binnick, R.I., Davison, A., Green, G.M. & Morgan, J.L. Papers from the fifth regional meeting of the Chicago Linguistic Society, April 1969. Chicago, Ill. : University of Chicago. p. 205-239.)
48. ROBINS, R.H. 1966. General linguistics. London : Indiana University Press.
49. ROBINS, R.H. 1967. A short history of linguistics. London : Longmans.
50. ROBINS, R.H. 1970. Diversions of Bloomsbury. Amsterdam : North-Holland Pub. Co.
51. VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1969. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Van Schaik.
52. VAN RENSBURG, C. 1976. Wie is Wat? - die bestudering van voornaamwoordvorming. (In De Klerk, W.J. & Ponelis, F.A., *reds.* Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria : Van Schaik. p. 131-140.)
53. WASOW, T. 1979a. Anaphora in generative grammar. Ghent : Story-Scientia.

54. WASOW, T. 1979b. Problem with pronouns in transformational grammar. (*In* Heny, F. & Schnelle, H.S., eds. *Syntax and Semantics 10. Selections from the third Groningen Round Table*. New York, Academic Press. p. 199-222.)